# VERSPREI DIE WOORD

**DR M J DU PLESSIS**

**Inleiding**

Hierdie kursus raak verskillende aspekte van opleiding, byvoorbeeld dat ons eie geloofskennis opgeknap word voordat ons in ‘n gesprek tree met iemand wat tot geloof en belydenis gelei moet word. Elke mens wat hom op die terrein van evangelisasie wil begeef, moet toegerus wees met kennis wat hy kan oordra, anders sal hy niks hê om vir ‘n gelowige aan te bied nie. Hierdie gedeelte van ons opleiding staan bekend as gespreksopleiding.

Daar word ook aandag gegee aan opvolggesprekke. ‘n Evangelis moet toegerus wees met stof waaroor hy in die opvolgwerk kan gesels. As opvolgwerk nie beplan word nie, verval die hele aksie in doelloosheid en kom daar gewoonlik niks van die hele uitreikingsaksie nie.

Die doel van die opvolggesprekke moet wees om die persoon wat besoek word, sover te bring dat sy/sy kan begin om kategetiese onderrig te ontvang.

Wat die terminologie betref, die volgende: dit dien geen doel om swaar en/of gelaaide teologiese terme te gebruik wanneer jy met iemand praat wat die Here en die Bybel nie ken nie. Daarom word alledaagse “spreektaal” gebruik.

So word die term “hemel” regdeur gebruik om die hiernamaals aan te dui. Natuurlik sal ons eendag op die nuwe aarde wees, maar so ‘n begrip mag vir ‘n evangelisasiegeval aan die begin te moeilik wees om te verstaan. Daarom word die woord “hemel” gebruik in die betekenis van Matteus 5 : 10 en Filippense 3 : 20.

Thinus du Plessis
Bellville
Maart 2003

# INHOUD

**INLEIDING**

**HOOFSTUK 1**

1. EVANGELISASIE
2. DIE "SOEK"PROSES
3. IDEALE OMSTANDIGHEDE
4. BY ELKE GESPREKSGELEENTHEID
4.1 Agtergrond
4.2 Kerklike lewe
5. KERK TOE
6. VOORGESTELDE PROSEDURE
6.1 Probleem
6.2 Gee leiding
6.3 Psalmboek en Bybel
7. DIE OPVOLG
8. INSKAKELING
9. OPVOLGGESPREKKE
10. GELOOFSBELYDENIS EN DAARNA
11. KUIER WEER EN WEER

**HOOFSTUK 2**

1. DIE MENS
1.1 Wie is die mens?
1.2 Hierdie twee mense pleeg toe verraad!
1.3 Hulle het van kwaad na erger gegaan!
2. WAT IS DIE MENS NOU?
3. WAT IS DIE GEVOLGTREKKING?

**HOOFSTUK 3**

GENADE

**HOOFSTUK 4**

1. WIE IS GOD?
2. ONBEGRYPLIKE LIEFDE!
3. ONS ONMAG
4. GOD IS OOK REGVERDIG EN HY MOET DIE SONDE STRAF
5. GOD WIL WEET!
6. DIE HERE STRAF
7. ONS BEHOUD

8. ONS SITUASIE VOOR DIE HERE
9. WAT IS NORMAALWEG VIR MENSE DIE PROBLEEM?

**HOOFSTUK 5**

1. GOD SE OPLOSSING: JESUS CHRISTUS
2. HOE GEBEUR DIT?
3. DIE OFFER: JESUS CHRISTUS
4. WIE IS JESUS CHRISTUS?
4.1 Wat doen Hy?
4.2 Dis nie al nie!
5. PRAKTIESE KONSEKWENSIE

**HOOFSTUK 6**

1. GELOOF
2. WAAR KOM GELOOF VANDAAN?
2.1 Vloei voort uit die dood van Jesus
2.2 Geloof word gewerk deur die Heilige Gees
3. WAT IS GELOOF?
3.1 Gewisse kennis
3.2 Nie net intellektuele kennis
3.3 Satan se kennis

**HOOFSTUK 7**

1. GELOOF IS ‘N VASTE VERTROUE
2. HOE BEWERK DIE HEILIGE GEES GELOOF IN MY?
3. WAT BEWERK DIE HEILIGE GEES IN MY HART?

**HOOFSTUK 8**

DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES

**HOOFSTUK 9**

1. BEKERING
2. GOD STAAN IN DIE SENTRUM VAN ALLES: OOK VAN MY BEKERING
3. SONDE IS ONWETTIGHEID
4. GOD HELP
5. HOE WERK GOD BEKERING?
6. NIE ALMAL NIE

**HOOFSTUK 10**

1. IN CHRISTUS NUWE LEWE: DIE NUWE LEWE EN DIE GELOOF

2. ALLES WORD ANDERS!
3. WAT IS DIE NUWE LEWE?

**HOOFSTUK 11**

HOE WORD ONS DEEL VAN DIE NUWE LEWE?
1. DEUR DIE GELOOF
2. DEUR DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES
3. OPGESOM

**HOOFSTUK 12**

1. DIE NUWE GEHOORSAAMHEID: WAAR KOM DIT VANDAAN?
2. GRONDSLAG VAN DIE NUWE GEHOORSAAMHEID
3. HOE KOM DIT PRAKTIES TOT UITING?

**HOOFSTUK 13**

1. DIE NUWE CHRISTEN EN DIE NUWE VERHOUDINGS WAARIN HY LEEF
2. DIE NUWE LIDMAAT EN DIE KERK
3. STRYDENDE EN OORWINNENDE KERK

**HOOFSTUK 14**

1. KENTEKENS VAN DIE WARE KERK
2. VALSE KERK
3. REGERING VAN DIE KERK
4. KAN EK LEWE SONDER OM MY BY DIE WARE KERK TE VOEG?

**HOOFSTUK 15**

1. SIEN JOU NAASTE VOOR DIE HERE
2. WAT LEER DIE BYBEL?
3. TEENOORGESTELDE GESLAG
3.1 Man-vrou binne die huwelik
3.2 Vir God belangrik!
3.3 Christus se bruilof
3.4 Hoe ‘n man teenoor sy vrou optree
3.5 Hoe ‘n vrou teenoor haar man optree

**HOOFSTUK 16**

1. DIE VERHOUDING MAN-VROU BUITE DIE HUWELIK
2. DIE OPDRAG VAN DIE HERE

**HOOFSTUK 17**

1. OUER-KIND VERHOUDING
2. GELOOFSOPVOEDING:  SKADE BY GEBREK DAARAAN
3. OUERS SE OPVOEDING MOET GELOOFSGETROU WEES
4. OUERS MOET FINANSIEËL VIR HULLE KINDERS SORG
5. OUERS MOET HULLE KINDERS BESKERM
6. KINDERS WORD VERPLIG OM GEHOORSAAM TE WEES

**HOOFSTUK 18**

1. ONDERDAAN OWERHEID
2. DIE OWERHEID HET WETLIKE BESLISSINGSREG OOR ONS
3. DIE HERE JESUS IS DIE HOOGSTE OWERHEID

# HOOFSTUK 1

## 1. EVANGELISASIE

Waar begin mens? By wie? Hoe doen ek dit?

Die eerste saak waaroor jy vir jouself baie duidelikheid sal moet kry, is of jy self die Here ken. As jyself nie ‘n lewende verhouding met die Here het nie, moet jy nie eers probeer om evangelisasiewerk te doen nie, want dan het jy niks om aan ‘n medeverloorder te bied nie. Gaan soek liewer dan eers self hulp.

Die tweede saak is dit: moet nie die evangelie probeer verkondig as jy lui is nie. Dit vra harde werk om die evangelie te verkondig. Dit vra deursettingsvermoë. Dink aan al die duisende kilometers wat Paulus met sy voete en met ‘n seilbootjie moes aflê. Dit gaan die eer van die Here nie dien as jy probeer begin en dan verlep en uitsak nie. Dan veroorsaak jy dat die persoon na wie toe jy uitgereik het, die verlossingsboodskap van Jesus Christus as ‘n bespotting sien – want dit kan jou dan nie eers aan die gang hou nie.

Een van die redes waarom daar bitter min evangelisasiewerk gedoen word, is omdat mens gewoonlik nie weet waar om te begin nie. Die eerste vraag wat opkom, is: waar kry ek iemand by wie ek evangelisasiewerk kan doen? Dit vra baie insig en moed om te weet wanneer iemand “kwalifiseer” as ‘n evangelisasiegeval.

## 2. DIE “SOEK”PROSES

Daar is verskillende metodes wat gebruik word om mense op te spoor aan wie die evangelie verkondig moet word. Die algemeenste opvatting is dat mense “gesoek” moet word.

Hierdie proses kan op twee verskillende maniere aangepak word:

- Daar kan van huis tot huis geloop word en ‘n sensusopname gemaak word van mense se gelowe. Daarna kan hierdie opname bestudeer word en met sekere van hierdie mense afsprake gemaak word. Hulle word dan besoek en bearbei.
- ‘n Tweede metode is om mense bloot te konfronteer: tuis of op straat (in parke, ens.). Pasop vir jou houding! Wanneer ‘n mens bang of senuweeagtig is, kom hy dikwels aggressief oor. Moet ook nie arrogant voorkom nie. Dit stoot mense af. Versoek die persoon vriendelik om jou toe te laat om met hulle oor geloof en oor die Bybel te praat. Die nadeel van hierdie metode is dat die persoon met wie die gesprek aangeknoop word, dikwels bedreig voel, en onder die indruk is dat jy hom wil beweeg om iets te doen of te glo waarvoor hy nie lus het nie. Sulke mense is dan so op hulle hoede dat hulle nie met oortuiging luister na wat jy uit die Woord van die Here vertel nie.

## 3. IDEAAL

Die ideaal is dat die gesprekvoerder en die persoon met wie ‘n gesprek gevoer word, nie onder spanning is nie. Vermy daarom enige gedwonge omstandigheid. Maak afsprake met mense wat jy besoek. Moenie die afsprake op hulle afdwing nie. Wanneer iemand spontaan op ‘n afspraak reageer, sal hy nie in verset wees teen wat jy het om aan hom deur te gee nie.

Om op ‘n ontspanne vlak met iemand te kom, maak eers vriende met die persoon. Wen sy/haar vertroue. Dit sal die persoon voorberei om makliker te luister na wat jy te sê het. Dit sal die persoon ook ‘n oop gemoed gee om te aanvaar dat jy eerlik met hom is. Die verlossing deur die Here Jesus Christus kan nie gebeur onder toestande van wantroue nie. Dit kan net gebeur met wedersydse vertroue. Leer die Bybel ons dan nie ook dat een van die bene van geloof ‘n vaste vertroue is nie!

Onthou self ook dat dit altyd moet gaan oor die eer van die Here en die saligheid van die persoon met wie jy kontak maak. Evangelisasie val plat wanneer ons ‘n doel het wat ons wil bereik wat nie in die eerste plek op die Here self en in die tweede plek op die heil van ons naaste gerig is nie. (Mens kan byvoorbeeld uitgaan met die gedagte dat jy jouself wil bewys, of dat jy lidmate vir jou kerk wil werf, ens.).

Die een persoon sal jou na die ander een toe lei. Ons het nie verniet die spreekwoord dat ‘n mens aan sy vriende geken word nie. Ongelowiges het meestal ongelowige vriende, en wanneer jy met so ‘n persoon kontak gemaak het, is hy jou sleutel na die volgende persoon toe.

## 4. BY ELKE GESPREKSGELEENTHEID

Wees altyd versigtig. Moenie die evangelie goedkoop maak nie. ‘n Goeie vertrekpunt is om by die persoon self te begin. Probeer alles omtrent hom/haar uitvind wat jy kan. Onthou dit. As jou geheue nie te skerp is nie, gaan skryf alles neer wanneer jy by die huis terugkom. Dit sal jou help om die persoon beter te verstaan en ook reg te benader.

### 4.1 Agtergrond

‘n Moontlike metode is om te begin praat oor sy agtergrond. Maar moenie vals wees nie! Stel werklik belang! Jy kan nie die evangelie verkondig as jy skynheilig is nie. Die Fariseërs het dit ook probeer en kyk hoe jammerlik het hulle gefaal.

Vind uit waar die persoon vandaan kom; waar hy woon; watter soort werk hy/sy nou doen; waar hy orals gewerk het. Vra ook uit oor sy gesin en sy kinders – hulle belangstelling en prestasies. Mense spog graag met hulle kinders en dit is ‘n sagte plekkie om te begin.

### 4.2 Kerklike lewe

Vra hom uit oor sy kerklike lewe. Aan watter kerk behoort hy of het hy behoort? Wie is sy predikant/pastoor? Hierdie vraag is nogal baie belangrik, want mense beweer baie keer dat hulle lidmate van ‘n kerk is, maar dan kan hulle nie sê wie hulle dominee is nie. Dan weet jy dat hulle nie die binnekant van ‘n kerk ken nie.

Die volgende vraag is: watter uitgawe van die Bybel gebruik jy, 1933 of 1983? Praat met hom oor die doel en verskille tussen die twee. Uit sy reaksie sal jy weet of hy ‘n Bybel het of nie, en of hy dit gereeld lees.

## 5. KERK TOE

Maak ‘n afspraak met die persoon om een keer saam met jou kerk toe te gaan. Doen dit in sagtheid. Maak jou uitnodiging aantreklik. Jy sal hom kom oplaai en weer terugbring. Dit is gewoonlik nie te moeilik om die persoon een keer saam met jou in die kerk te kry as jy eers sy vertroue gewen het nie.

Moet ook nie die persoon onder die indruk bring dat hy elke Sondag saam met jou moet gaan nie, want dan kom die bedreigingsfaktor weer in werking. As hy eers een keer saam met jou was en hy was goed ontvang deur die gemeente, sal dit volgende keer makliker gaan om hom weer in die kerk te kry.

## 6. VOORGESTELDE PROSEDURE

### 6.1 Probleem

Daar is ‘n werklike probleem wat die evangelis sal moet hanteer: mense en hulle vrese. Mense sal dit baie keer nie erken nie, maar hulle is bang vir vreemde mense en vir onbekende situasies. Dit is nie gemaklik om sommer in ‘n vreemde kerk in te stap en tussen ‘n klomp wildvreemde mense te gaan sit nie (veral nie in ‘n gemeente soos ons s’n waar jy maklik weggejaag word van ‘n plek af omdat dit iemand anders s’n is nie).

Die liturgie in ‘n kerk is vir iemand wat dit nie ken nie, dikwels ‘n verleentheid, want hulle weet nie wanneer moet hulle sit of staan nie. Hulle sien maar die ander staan op, of die mans staan en die vrouens sit. Hulle konsentreer so om nie gekke van hulleself te maak nie dat die inhoud van God se genadeverkondiging vir hulle verlore gaan. Sulke mense mag die vreemdheid van die erediens sò skerp ervaar, dat hulle nie weer sal kerk toe kom nie.

As die persoon nie ‘n motor het nie, bied vervoer aan. As hy graag met sy eie vervoer by die kerk wil kom, wees nogtans sy gasheer. Ry desnoods by sy huis langs, want anders gaan sy moed hom ter elfder ure begewe, en dan kry jy hom nie weer in die kerk nie.

### 6.1 Gee leiding

Om seker te maak dat die mense nie "uit" voel nie, gee vir die persoon leiding. Tydens die erediens is daar 'n hele lang prosedure van sit en staan en sing en bid. Vir 'n vreemdeling is dit vreemd en onverstaanbaar. Selfs iemand wat van een kerk na 'n ander beweeg, vind hierdie prosedure soms verwarrend.

Iemand wat buite 'n kerk grootgeword het, kan nie begryp waarom die verskillende handelinge gedoen moet word nie. Dit is vir hulle betekenisloos.

Daarom is dit so belangrik om jou vriend wat jy bearbei, saam met jou te bring. Verduidelik vooraf aan hom wat alles in 'n erediens gebeur, en verseker hom dat jy tydens die erediens langs hom sal sit en leiding gee van wat wanneer en hoe moet gebeur.

### 6.2 Psalmboek en Bybel

Sorg dat jy 'n ekstra Bybel en Psalmboek byderhand het. Dit is onwaarskynlik dat iemand wat kerkloos is/was, 'n Psalmboek of selfs 'n Bybel sal hê.

Soek vir hom die Psalms en die gedeelte wat deur die dominee gelees word, op. Vir 'n gereelde kerkganger is dit normaalweg nie 'n probleem nie, maar vir iemand wat onkerklik is, is dit 'n diep raaisel waar die Bybelboek is waarvan die dominee praat. So ook die opsoek van 'n Psalm of 'n Skrifberyming, want daar is maar 'n kort rukkie tussen die aankondiging van die Psalm en die sing daarvan.

Dit kan dalk goed wees om voor die diens al 'n lysie te maak van die liturgiese verloop en waar gesit, gestaan, ens. moet word.

## 7. DIE OPVOLG

Praat na die diens met die persoon oor alles. Oor sy ervaring van elke oomblik van die diens. Het hy die Here ontmoet? Voel hy dat daar iets meer was as net mense wat daar was?

Kry by hom sy kommentaar. Daar kom soms nogal verstommende dinge uit wat jou jou en jou geloofsgenote uit 'n ander hoek laat sien.
Vra vir hom wat hy verstaan het en wat hy nie verstaan het nie van die preek self (m.a.w. jy moet sorg dat jyself luister wat gepreek word!). Moet nie 'n dieptegesprek verwag nie, want sy geloofsagtergrond mag van so 'n aard wees dat die inhoud van God se Woord grootliks by hom verbygegaan het, of dat hy bitter min van alles begryp het.

## 8. INSKAKELING

Stel die persoon voor aan soveel as moontlik lidmate. Betrek hom by al hoe meer van die kerk se aktiwiteite. Laat hom deel voel van die kerklike gemeenskap, sodat hy fisies ook die eenheid en hartlikheid in Jesus Christus kan belewe.

## 9. OPVOLGGESPREKKE

- Praat met die persoon oor geloofsekerheid, en stel dit baie duidelik wat geloof en geloofsekerheid vir jou beteken. Moet nie oor hierdie dinge op akademiese vlak met ander mense probeer praat nie. As dit nie uit jou hart kom nie, gaan jy nie net self in ‘n swak lig kom nie. Die persoon gaan alles rondom jou geloof en jou God bevraagteken as jy vir hom vals voorkom.
- Stel dit duidelik wat sy verantwoordelikheid in die kerkvolk van die Here is, en watter verantwoordelikheid elkeen van ons elke dag teenoor die Here het. Verduidelik dat elke mens die plig het om aan te sluit by ‘n ware kerk en om dan ‘n lewende lid daarvan te wees.
- Versoek die persoon om elke dag ‘n hoofstuk uit die Bybel te lees en dan ‘n tydjie met jou te praat oor dit wat hy nie verstaan het nie (hierdie gesprek kan selfs oor die telefoon geskied). Die Evangelie volgens Johannes is uiters geskik hiervoor.
- Vertel hom wat gebed is en hoe dikwels mens behoort te bid. Onderstreep dit dat gebed ‘n wapen teen die krag van die satan is en dat dit ook ‘n middel is om ongeloof en twyfel mee te beveg. Die krag van gebed moet nooit onderskat word nie.
- Lig hom volledig in oor jou kerk: dienstye, katkisasie, sustersvergaderings, kerkraadsvergaderings, diakensvergaderings. Vertel hom wat die dienste van ouderling en diaken beteken en wat hierdie mense alles moet doen.

## 10. GELOOFSBELYDENIS EN DAARNA

Stel hom aan die dominee voor en help reël dat hy kategeties onderrig word. Stel ook in sy vordering belang. Vra uit oor wat hy al alles weet en veral oor sy geloofsbelewenis. Moenie hom nou in die steek laat nie. Loop die geloofspad saam met hom totdat hy ‘n selfstandige belydende lidmaat is.

Gee sy adres vir die wyksouderling waar hy ingedeel behoort te word, sodat die ouderling en diaken hom solank al kan besoek.

Help hom om ‘n nuwe vriendekring te skep. (In ons gemeente is dit ‘n groot probleem, en die gemeente sal eers self opgevoed moet word hierin!) Onthou dat ‘n ongelowige se vriendekring hom gaan verwerp as hy hulle streke verlaat en tot bekering en ‘n gesonde lewe kom. Sy ou vriende sal voortdurend probeer om hom terug te lei na sy ou lewe toe. Daarteenoor kan geen mens in ‘n vakuum lewe waar daar geen vriende is nie.

## 11. KUIER WEER EN WEER

Evangelisasiewerk vra baie opoffering. Moet dus nie begin as jy lui of selfsugtig is nie, want dan skiet jou eie lewe tekort en gaan jy self in die sloot val voordat jy lank gewerk het.

Wanneer jy ‘n “nuweling” kerk toe gebring het, sal jy vir baie lank gereelde opvolgwerk moet doen. Jy sal hom in baie aspekte van die geloofslewe moet lei (dink aan Priscilla en Akwilla wat vir Apollos vir ses maande onderrig het!).

Sien die gedeelte oor die opvolggesprekke.

Alleen mense wat lewende kandelare in die hand van ons Here is, en wie se gemeente self ‘n brandende vlam is wat God se lig laat skyn, kan mense ‘n tuiste bied wat daarna smag om uit die donker van die sonde verlos te word. ‘n Lou kerk kan vir sulke mense geen heenkome bied nie.

# HOOFSTUK 2

## 1. DIE MENS

Hierdie gedeelte van die werk word daarop gerig om met iemand wat die Here nie ken nie, ‘n gesprek te voer. So ‘n gesprek kan nie rigtingloos wees nie: daar moet ‘n beginpunt en ‘n eindpunt wees.

Die beginpunt is om die persoon te oortuig van sy eie sonde, en daarmee saam van die genade van die Here. Soms het mense nie die moed om met gelowiges kontak te maak om sodoende by die Here uit te kom nie, omdat hulle iewers ‘n idee het dat hulle sonde so groot is dat hulle in elk geval geen kans het op verlossing nie. Daarom begin hulle nie eers nie. Hulle moet die boodskap kry dat daar vir hulle ruim plek is in God se vergewende genade en dat hulle soos die verlore seun altyd “kan terugkom huis toe”.

Daarteenoor is daar weer persone wat in hulle eiewaan net doodgewoon nie glo dat hulle enige sonde het nie. Daarom kan hulle nie die nut daarvan insien om tot bekering te kom nie. Hulle moet weer oortuig word dat hulle magteloos staan as hulle teenoor die Here te staan kom. Net so min as wat jy jouself aan jou kop kan vat en van die grond af kan optel, net so min kan jy jouself verlos.

Tog is daar vir sulke mense ook genade en redding moontlik as hulle tot bekering kom.

### 1.1 Wie is die mens?

Gaan met die persoon met wie jy praat, terug na die ontstaan van die mens toe. Hierdie persoon mag waarskynlik iemand wees wat die evolusie-teorie aanhang. Of hy het dalk nog nooit gedink waar die eerste mens vandaan kom nie.

Neem hom Bybel toe en wys hom dat die mens ‘n skepsel is wat deur God self gemaak is. Hy word nie soos die diere net met ‘n woord tot sy bestaan beveel nie. Nee, die Here maak groot sorg met hierdie skepsel van Hom.

Die Drie-Enige God beraadslaag eers by Homself: “Laat Ons mense maak na Ons beeld en gelykenis”. **Genesis 1 : 26**. Dan maak God hom sorgvuldig. En Hy blaas die asem van die lewe deur sy neus in. Hy is die enigste een van die hele skepping by wie God kom kuier. In die koelte van die aandwind besoek sy Skepper hom en praat met hom. **Genesis 3 : 8**.

### 1.2 Hierdie twee mense pleeg toe verraad!

Saam-saam het hierdie twee verraad teen God gepleeg. Hulle vergeet vir die oomblik van die "bewaak"-deel van hulle opdrag, en word deur die satan 'n gat in die kop gepraat. **Genesis 3 : 1 – 7**.

Hulle sien ook nuwe vergesigte: hulle wil soos God wees! En dan is daar die skande en skaamte! Hulle is kaal! Hulle moet vir God gaan wegkruip. Van die beloofde kennis het hulle net 'n karikatuur gekry! So is dit tot vandag toe. Adam en sy vrou kry klere by God. **Genesis 3 : 21**. Maar hulle is toe uit hierdie spesiaal geskepte paradys uitgedryf. Hulle moes met hulle "kennis" die wêreld in.

### 1.3 Hulle het van kwaad na erger gegaan!

U mag nou nie dink dat Adam en Eva die fout begaan het, maar dat dit toe daar einde gekry het nie. Nee! Helaas is elke mens nà hulle gebore met hierdie verwronge kennis en insig. Daarom loop die mens se pad steil afdraand. Kaïn slaan sy broer dood. Omdat hy geweet het dat sy gesindsheid teenoor God verkeerd is en dié van sy broer reg. Hy was so selfsugtig in sy diens aan die satan, dat hy sy broer die voorreg misgun het om God te dien.

## 2. WAT IS DIE MENS NOU?

Hy is 'n volslae sondaar. Ons is verslaaf aan sonde en kwaad soos wat 'n dwelm-verslaafde aan sy dwelmmiddels verslaaf is. Vergeet gerus daarvan dat daar net een regverdige mens is. Daar is nie so een nie. **N.G.B. Art. 14**.

Dit is wel so dat ons nie almal ewe sleg is nie. Ek glo nie ons kan sê dat daar goeie en slegte mense is as mens dit baie streng volgens die Bybel bekyk nie. Daar is slegte mense en slegter mense en baie slegte mense. **Romeine 3 : 10**: "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie".

Stel dit duidelik dat hierdie saak nie bevraagtekenbaar of betwyfelbaar is nie. As iemand dit wil bevraagteken, moet hy wees soos wat Christus sê. **Matteus 5 : 48**: "Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is". Die slaagsyfer vir die ewige lewe: 100%.

Nie ek of jy of ons beste vriend kan naby hierdie vereiste kom nie. God sê so, en Hy kan nie lieg nie – "want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God," – **Romeine 3 : 23**.

Dit is wel so dat ons soms 'n ander opinie van 'n saak het as God. Ons verskil baie, want dis juis waarom ons sonde doen. Maar selfs ons beste oortuigings en sienings is verkeerd waar dit van God s'n verskil. Die Here sê dit ook: **Spreuke 14 : 12**: "Daar is 'n weg wat vir die mens reg lyk, maar die einde daarvan is die weë van die dood!".

## 3. WAT IS DIE GEVOLGTREKKING?

Hieruit is twee dinge baie duidelik:

1. Elke mens is ‘n sondaar. Daar is geen uitsondering nie.
2. Daar is geen mens wat homself kan red nie. Geen enkele mens kan in sy eie vermoëns in die hemel kom nie. **Psalm 14 : 1c**: “Daar is niemand wat goed doen nie”.

Die totale verlorenheid van die mens word nog skerper afgeteken as ons in die Bybel gaan ondersoek wie God is. Teenoor die heerlikheid van God vertoon die mens meer as pateties.

# HOOFSTUK 3

## GENADE

Waaroor gaan dit in genade? Dit gaan oor die ewige lewe. In ons algemene praattaal gestel: dit gaan oor die hemel. **N.G.B. Art. 11**; **D.L. Hoofstuk 2, 3 & 4**.

Kom ons kyk nou na onsself. Ons is almal sterflike mense. Mense van die dood, want van die sondeval af gaan ons dood. Die rede daarvoor is dat die Here ons straf omdat ons God verraai het.

Van toe af doen alle mense baie verkeerde dinge in hulle lewens. Dit is omdat die satan van toe af elke oomblik van ons lewens regeer. Wat is die gevolg daarvan vir ons? Wat wag vir ons wanneer ons die dag doodgaan? Die hel.

Menslik gesien, lyk dit so hulpeloos donker vorentoe: dit lyk so absoluut uitsigloos. Dit is een van die redes waarom so baie mense nie wil glo nie. Hulle hoor die evangelie net tot hier en dan is hulle onder die indruk dat alles in die kerk net oor sonde en oor die hel en verlorenheid gaan.

Dit is heeltemal verkeerd, want dit is juis waaroor dit nié in die kerk gaan nie. Dit gaan oor die genade dat God self na ons toe kom en Hy skenk aan ons genade.

Hy stuur sy Seun om ons te verlos. Die deure van die hemel word vir ons oopgesluit. **Efesiërs 2 : 8**: "Uit genade is julle gered …".

Ons moet egter besef dat genade nie 'n reg is nie. Genade is werklik 'n vrye gawe. Dit is iets wat God aan ons skenk, terwyl ons dit nie verdien nie. Ons het glad geen reg daarop nie, maar dit word nogtans vir ons gegee.

Die Here leer ons in **Romeine 6 : 23** presies hoe die saak met ons staan. As selfs die beste een onder ons vergoed sou moes word volgens ons lewe of werk, moet ons die eensaamheid en geweld van die hel as salaris/loon ontvang. "Want die loon van die sonde is die dood …"

Nou werk hierdie genade deur in die lewe. In hierdie lewe beweeg dit ons om getuienis te lewer van God in sy genade. Ons kan tog nie stilbly oor alles wat ons verniet in die hande kry nie! En hierdie getuienis het soveel krag dat dit selfs die satan in beweging bring!

Lees weer **Openbaring 12 : 11**. Die satan het dié wat die getuienis van Jesus hou, begin vervolg. Daar staan ook dat dit juis hulle was wat die gebooie van God bewaar het. Hulle is 'n daadwerklike gevaar vir die hel, want hulle verongeluk die satan se verwoestingswerk.

Dink nou net: as ons met ons getuienis die hel in beroering bring, hoeveel makliker gaan ons nie die mense rondom ons in beroering bring nie!

Maar hierdie genade werk ook verder deur as hierdie lewe. Dit vind sy beslag eintlik in die hiernamaals. Of noem dit maar gerus die hemel of ewige lewe, want dis steeds reg. Ons moet net onthou die mense is almal onsterflik. Daarmee bedoel die Bybel dat selfs dié in die hel die ewige lewe het. Hulle lewe tog vir ewig in die hel, nè! Hulle word nie net in die hel gewerp, en nou hou hulle op om te bestaan nie!

Gebruik hier gedeeltes uit **1 Korintiërs 15**; **1 Tessalonisense 4 : 13 – 17**; **Openbaring 14 : 4vv**.

Kom ons vat die saak van die ewige lewe nou saam:

a. Die betekenis daarvan in hierdie lewe:
**Johannes 17 : 3**: "Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige en waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het".

Dus in hierdie lewe vind dit sy beslag in ons kennis (geloof) en getuienis.

b. Die betekenis na hierdie lewe:
**Daniël 12 : 2** en **Matteus 25 : 46**: "Daar is 'n opstanding uit die dood. Sommiges staan op tot die ewige lewe by God, en sommiges tot die ewige smaadheid van die hel".

Sommiges lewe hierna in ewige straf, en ander in ewige lewe.

# HOOFSTUK 4

## 1. WIE IS GOD?

Die Almagtige het veral twee belangrike eienskappe:

- Die eerste is sy onmeetbare liefde en genade.
- Die tweede is sy absolute ongenaakbaarheid oor die sonde.

Vir die mense is die twee onversoenbaar, maar in wese is die twee dinge by die Here presies dieselfde. Sy genade is juis Sy regverdigheid. Sy straf is juis die versekering van die ewige lewe.

God is genadig, want Hy wil ons nie straf en verdoem nie. As ons hierdie deel behandel, moet ons eers **artikel 13** van die **N.G.B.** lees. Dit gee ons die hele agtergrond van die skepping en die sondeval, en teken ook God in sy genade.

Wat belangrik is:

- God gee nie die skepping aan die noodlot oor nadat Hy ons geskape het nie. Hy sorg nog altyd vir ons. **Handelinge 4 : 24; 14 : 15, 17, 25; Hebreërs 1 : 3; Matteus 10 : 29 – 31; Johannes 9 : 3**.
- God bewerk nie die sonde nie! Hy laat die satan toe om ons te verlei, maar Hy straf ook die sonde. **1 Korintiërs 10 : 13; 2 Petrus 2 : 9**.
- As God ons sou haat na die sondeval, was enige vorm van genade vir ons toegesluit. Dan het ons in geen enkele opsig ooit ‘n kans gehad op enigiets goeds in of na hierdie lewe nie.

## 2. ONBEGRYPLIKE LIEFDE!

Maar kyk nou net hoe groot is die liefde van God. Hy doen die absoluut onbegryplike. God jaar die mens weg uit die Paradys, maar daarmee is alles nie vir die hele menslike geslag verlore nie. Iemand sal uit Eva se saad gebore word wat die slang se kop sal vermorsel. **Genesis 3 : 15**.

God wil nie die mens verdelg nie, al het Hy rede. Daarom kom belowe Hy dadelik in sy geweldige groot genade dat Hy Iemand sal voorsien wat die verlossing vir die mens sal bewerk. Hy sal Iemand wees wat die straf sal dra, sodat ons nie verdelg en vernietig behoort te word nie.

## 3. ONS ONMAG

Om dit te kan verstaan, moet ons net eers weer teruggaan na die vorige afdeling: die mens en sy sonde. Die mens kon sy uitnemendheid nie eers besef toe hy nog nie versoek

was nie. **N.G.B. Art. 14**. Hy stort homself gewillig in die hande van die sonde – en dit terwyl hy nog volmaak was!

As ons toe nie eers kon luister nie, hoe sal enige mens dan nou met sy eie kragte sy saligheid kan bewerk! Al sy doen en late word boos en verkeerd: sy woorde, sy gedagtes, sy planne en alles wat hy aanvang. Hy verloor sy uitnemende gawes.
**Genesis 3 : 7, 8, 17; Romeine 5 : 12, 18, 19; Job 14 : 4; Job 15 : 15, 16; Johannes 3 : 3, 5, 6; 2 Korintiërs 3 : 5**.

Die mens se onmag en die genade van God word nou saam gestel in een vers. Jesus is aan die woord: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat my gestuur het, hom nie trek nie". **Johannes 6 : 44, 65**. So groot is die genade van God. Hy behoort ons uit te wis. Maar tog doen Hy dit nie. Hy trek ons in Christus na Hom toe.

Daarom sê die Here in **Jeremia 31 : 3b**: "Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid".

Kom lees nou **artikel 17 van die N.G.B.** Dis goed om te weet wat ons bely. Daar lees ons dat God die mens weer opgesoek het na sy val. Hy het met sy wonderlike goedheid die mens getroos. En nou moet u onthou hoe die mens nog maar pas bewende van God af weggevlug het.

## 4. GOD IS OOK REGVERDIG EN HY MOET DIE SONDE STRAF

Dis die tweede eienskap van God wat ons behandel. Hy het baie meer karaktertrekke en eienskappe as net hierdie twee, maar vir die doel van ons studie, behandel ons net dié twee.

Regverdigheid beteken juis dat mens nie verkeerde dinge so blou-blou toesmeer nie. Die Here is sò heilig en regverdig en magtig dat dit onmoontlik is om te dink dat Hy nou ons sondes miskyk. **Matteus 25 : 31, 32; Romeine 1 : 18; Galasiërs 3 : 10 -13**.

## 5. GOD WIL WEET!

Dis ook nie moontlik dat ons vir een oomblik kan glo dat ons onsself kan besmet met kwaad en ongeregtigheid, en daarmee ook die heiligheid van God besoedel, en dat God ons dan sommer net so in Sy koninkryk opneem nie. Daarom spreek God Adam aan en wil weet wat hy gedoen het. Die aarde word vervloek om die mens se ontwil. Die vrou baar nou met smart kinders, en die mens eet brood in die sweet van sy aanskyn.

Hier sien ons dat God straf omdat Hy vanweë Sy regverdigheid nie anders kan nie. Sou Hy nie die sonde straf nie, dan beteken dit bloot dat 'n deel van Sy almagtige heiligheid verval.

## 6. DIE HERE STRAF

Van die Here se straf van die sonde het ons talle voorbeelde. Dink heel eerste aan die Tien Gebooie wat ons elke Sondag hoor. **Exodus 20 : 5b** en **34 : 7b**: "… wat die ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie". Kyk nou net wat staan hier. Die Here vergewe die sonde. Dis waarom sy genade daar is van die begin af. Maar dit neem nie die straf weg nie.

Die Here gebruik straf sò: Israel is ongehoorsaam, en dan word hulle gestraf deurdat die Here hulle in ballingskap wegvoer.

## 7. ONS BEHOUD

Verder word straf gebruik om 'n verharde tot bekering te beweeg. 'n Baie goeie voorbeeld hier is natuurlik die geval van Farao. Hy is nie bekeer nie, maar elke plaag was 'n straf omdat hy en sy volk nie na God wou luister nie, totdat hulle dan luister en die Here se volk laat gaan. **Openbaring 3 : 19; 1 Korintiërs 11 : 32; Spreuke 3 : 11, 12; Hebreërs 12 : 6**.

Die Here straf ook diegene wat sy uitverkorenes te na kom. Die voorbeeld is weer die Egiptenare. Die plae was omdat hulle verhard was, maar dit was ook omdat hulle die Israeliete so mishandel het. Dit is waarom die Here hulle in die Rooi See laat beland, en hulle hele leër laat verdrink. Dan het Hy deur hierdie daad gestraf vir die oortredinge teen sy volk. Straf word dus op verskillende wyses en vir verskillende redes toegepas.

## 8. ONS SITUASIE VOOR DIE HERE

Nou moet ons onsself voor God sien: ons is so besmet met onheiligheid. Ongehoorsaam. Moedswillig. Sy eer tot skande. En ons gaan gestraf word.

**Psalm 89 : 33**: "… dan sal Ek hulle oortreding met die roede besoek, en met plae hulle ongeregtigheid".

Ons gaan met die straf van die Here te doene kry so seker as wat ons lewe. Elkeen van ons. Ook ons wat glo. Wat dit nou verskriklik maak, is die feit dat die Here sê dat niemand Hom kan sien en bly lewe nie. Dis nou al so erg wanneer die Here in 'n vriendelike en liefdevolle gesprek met sy kneg Moses is. Wat gaan dan gebeur wanneer die Here kwaad is oor ons sondes, en ons voor Hom staan?

Ons hoor graag van die liefde van God. Alle kerke preek die genade en verlossing. Maar ek is oortuig dat ons die klem so swaar op God se liefde druk dat ons van Sy oordeel vergeet. Ons moet ons posisie besef: ons gaan vanweë ons sondes verdelg word.

## 9. WAT IS NORMAALWEG VIR MENSE DIE PROBLEEM?

Die Here het twee hoedanighede wat vir ons onversoenbaar lyk. Dit is naamlik sy liefde en sy regverdigheid. Kom ons noem dit sò: genade en oordeel.

Dit is nou oor dieselfde mense! Moet asseblief nie dink dat ek en jy net onder die genade gaan deurloop, en die ander mense weer net onder die oordeel nie. Wat nou?

- Daar is die ewige lewe in die hemel. Daar is die genade van die Here.
- Ek is ‘n geweldige sondaar wat myself nie kan verlos nie, en ek het geen middele waarmee ek die hemel kan verwerf nie.
- Dit kom nog skerper in die lig as ek nou verstaan wie my God is. Hy is genadig. Hy wil my nie straf nie, maar tog moet Hy. Sy regverdigheid vereis dit.

Dit stel ons voor ‘n magtige probleem: wat nou? Hoe word hierdie saak opgelos?

# HOOFSTUK 5

## 1. GOD SE OPLOSSING: JESUS CHRISTUS

Ons kry dit in ons belydenisskrifte. **Heidelbergse Kategismus Sondag 4 – 6**.

Die beginsel is straf. God straf die sonde uit genade. Dit klink onmoontlik, maar kyk net wat bely ons in die **N.G.B. Art. 17**. Die mens het homself in ‘n liggaamlike en geestelike dood gewerp. Toe kom God en Hy belowe om Sy Seun te gee, om weer die mens geluksalig te maak.

## 2. HOE GEBEUR DIT?

Eerstens kan God nie anders as om te straf nie – dit het ons reeds gesien. Maar wie kan die Here nou straf, want geeneen kan sy straf verduur nie? Weer gee die Here die oplossing: Hy sal Iemand in die plek van die mens gee.

### Ou Testamentiese Offers

Hierdie persoon wat in die plek van ons mense in die hofsaal van God moet gaan staan, moet ook ‘n mens wees, want God se regverdigheid kan nie toelaat dat ‘n ander soort skepsel vir die mens se onheiligheid gestraf word nie.

Die hele opset van die Ou Testamentiese offers leer dit al. Die offers leer twee dinge:

- Daar gaan ‘n plaasvervangende offer wees.
- Hierdie offer sal ‘n mens wees, want ‘n dier is onvoldoende.

Die plaasvervanging kom daarin uit dat die diere geslag word ter wille van versoening van die mens. Sommige kere is dit ‘n bees wat geoffer word en ander kere ‘n skaap. Soms is dit selfs duiwe (in gevalle van armoede). Nêrens word daar ‘n mens geoffer nie. Daar is wel uitsonderinge, naamlik Isak en die dogter van Jefta. Maar dié gevalle is so uitsonderlik dat hulle nie in die kategorie van die normale val nie.

Op dié wyse word die hele reeks van offers almal ‘n magtige preek dat daar ‘n plaasvervangende offer vir die mens gebring sal word.

Vervolgens preek hierdie rye offers ook die onvoldoendenheid van enige diereoffer uit die skepping. Die redes is tweërlei:

- Eerstens bewerk die diereoffers glad nie versoening nie. Die hele doel van hulle offer is bloot simboliek dat die offer van die Here Jesus aan die kom is.
- Tweedens blyk die ongenoegsaamheid daarin dat hulle oor en oor herhaal moes word.

## 3. DIE OFFER: JESUS CHRISTUS

Die offers hou aan totdat Christus Homself in ons naam voor die Vader stel (**N.G.B. Art. 21**). Jesus beteken dan ook dat JAHWE verlos. JAHWE is die Drie-Enige God: God is sy totale omvattende wese, waarby al sy persone en karaktertrekke ingesluit is.

## 4. WIE IS JESUS CHRISTUS?

Jesus Christus het na die aarde toe gekom as ‘n mens. Hy was ‘n 100% mens soos ek en jy. Hy het honger en dors geword. Hy het gesweet en bang geword. Die Bybel sê dat Jesus in alle opsigte aan sy broeders - dis nou ons – gelyk was. Daar is een uitsondering: Hy het nie, soos ons, enige sonde gedoen nie.

Maar Hy is tegelykertyd ook God. Hy bly een van die Persone van JAHWE. Hoe? Ek weet nie, en niemand weet nie, maar dit neem nie die feit weg dat dit so is nie. Hy kon dit maklik regkry om ‘n volledige mens te wees, terwyl Hy ook volledig God is, want by Hom is niks onmoontlik nie. Ons kan nie eers die hele omvang van die saak verstaan nie, maar die Here kon met groot gemak die ewige God en mens wees.

Hy openbaar Hom sò in die Woord. **Johannes 1 : 1 en 14**: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God, … En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon …”.

‘n God wat dìt kan regkry, is aanbidding waardig! Terwyl baie mense juis vanweë die onbegryplike almag wat hierin geopenbaar word, Hom verwerp!

Maar moenie net by sy mensheid vassteek nie. Die Jehowagetuies doen dit. Die ongelowige Thomas het self hierdie Jesus God genoem! **Johannes 20 : 28**: “Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God”!

### 4.1 Wat doen Hy?

Dis duidelik dat Jesus die ewige God en mens is, maar wat doen Hy nou eintlik?

**Art. 21 N.G.B.**: “… en dat Hy Homself in ons naam voor sy Vader gestel het om sy toorn te versoen met volle genoegdoening, deur Homself op te offer aan die kruishout en sy dierbare bloed te vergiet tot reinging van ons sondes, …”.

Eintlik verdien ek en jy nou nog minder die ewige lewe, want ons ongeregtighede het die Seun van God vermoor! Maar God is nou tevrede. Ons sondes is gestraf. As ek en jy nou ons hoofde neerlê, dan staan ons in dieselfde hofsaal. Ons hoor hoe die klagtes teen ons afgelees word. Nie een word oorgeslaan nie.

Jy bestaan met moeite voor God se heiligheid terwyl jy die Almagtige se stem hoor. Dan hoor jy hoe God sê dat Hy jou vryspreek, want al hierdie sondes is gestraf. Die kwitansie is daar dat hierdie skulde betaal is … deur Jesus Christus.

God straf nie dubbeld nie. Jy mag die ewige lewe by Hom ingaan! Met groot gejuig dra die engele jou die hemel in, en saam sing en juig julle voor die Here.

### 4.2 Dis nie al nie!

Maar dis tog nie so eenvoudig nie. Jesus straf nie net en betaal al jou sondes nie. Hoor wat sê Hyself (**Johannes 14 : 2**): "In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is".

Hy rond die verlossing af. Hy sorg dat daar vir elkeen vir wie Hy sterf, 'n blyplek is. Jy het dus baie meer om jou in te beroem as net verlossing. Jy het 'n definitiewe woonplek in die hemel. So lief het God jou.

Dis baie meer gesê as wat enige een van ons nou hier besef. Die Here Jesus het met blydskap aan die kruis gesterf, sodat ek en jy die ewige lewe kan hê. Dink net: die Here offer Homself op, sodat ek en jy, wat van kop tot tone besmet en vuil voor God staan, die hemel kan ingaan!

**Jesaja 53 : 6** skryf dit al neer: "Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom"!

**1 Petrus 2 : 24** "… wat self ons sondes in Sy liggaam op die kruishout gedra het …".

## 5. PRAKTIESE KONSEKWENSIE

Kom ons stel hierdie oomblik meer realisties voor. Ons sit in die hofsaal van die hemele. Die Almagtige is op die regbank. Die engele is almal daar. Die satan is ook daar.

In die beskuldigdebank staan Jesus Christus. Maar Hy word nie aangekla vir een enkele daad wat Hyself gedoen het nie. Jy hoor hoe jou naam gelees word uit God se boek. Jy hoor jou sondes almal – selfs dié wat in die donkerste hoekies van jou hart gebêre was! Dan hoor ons my naam en my sondes. Ons hoor miljoene mense se name en hulle sondes wat afgelees word.

Dan is daar 'n oomblik van stilte. Die Vader praat van die regbank af. Hy straf Jesus Christus vir al die mense se oortredinge. Al jou moedswilligheid is 'n bydraende faktor dat Hy gestraf word. Dan hoor jy hoe God sê dat Jesus Christus ook ter wille van jou 'n vloekdood moes sterf.

Hy moes gekruisig word, sodat Hy die hoogste vloek kon dra.

Nou is ons eintlik terug waar ons begin het: by die hemel. Ek kan die ewige lewe nie verwerf nie, maar ek hoef dit ook nie te verwerf nie, want Christus het dit klaar verwerf. In Jesus Christus het ek en jy die werklike ewige lewe! So seker en definitief dat niks jou ooit hoef te laat twyfel nie. Christus, wat ook self God is, doen nie brouwerk nie. As Hy dus vir ons verlossing bewerk, dan staan dit beslis vas, en dan het ons dit.

Kyk net na die praktiese konsekwensie hiervan. Jy kan nou sterf. Net daar waar jy sit of lê, kan jou oë toegaan, en dadelik maak jy hulle by die Here oop! Daar kan nie iets wonderliker wees nie!

Met watter maatstaf word gemeet of ek sekerlik deel in hierdie verlossing en ewige lewe wat deur die Here Jesus Christus bewerk is?

Die antwoord is: **GELOOF**.

# HOOFSTUK 6

## 1. GELOOF

Die Verlosser is aan die Woord: **Johannes 6 : 47**: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe".

As jy glo, mag jy nie twyfel nie. Ons moet onthou dat God nooit lieg nie: Hy bedoel wat Hy hier sê. As ons die geloofwaardigheid van die Here bevraagteken, sal dit ons laat twyfel. Geloof is onder andere dat ons nie twyfel nie, maar weet dat die beloftes van die Here waar is.

Die Here stel hierdie saak op baie plekke helder. Geloof raak ook die uitverkiesing waarvan ons op so baie plekke in die Bybel lees. Die geloof wat ons aan die dag lê, is die bewys van ons uitverkiesing, en dus ook van die ewige lewe.

Lees gerus ook hierby **Romeine 1 : 17**: "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: maar die regverdige sal uit die geloof lewe".

Die apostel haal hier die Ou Testament aan: **Habakuk 2 : 4**. Kyk ook hier na **Galasiërs 3 : 11** en **Hebreërs 10 : 38**. Hierdie laaste vers gee ook 'n nuwe aspek aan die saak in die sin dat dit ons veantwoordelikheid skerper beklemtoon as die ander verse: "Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie!".

Geloof is dus in 'n sekere sin jou verantwoordelikheid wat aan die lig kom!

## 2. WAAR KOM GELOOF VANDAAN?

Die antwoord is baie moeilik, want dis nie heeltemal so eenvoudig om die oorsprong en samestelling van geloof te behandel nie.

### 2.1 Vloei voort uit die dood van Jesus

Jesus Christus het nie net weggevaar met die belofte om blyplek in die hemel te gaan voorberei nie. Hy is ook weg met die belofte dat Hy 'n ander Trooster na ons toe sal stuur.

Die koms en die werk van God die Heilige Gees is dus in die Nuwe Testamentiese tyd (waarin ons nou lewe) ook 'n direkte uitvloeisel van die verdienste van die Here Jesus Chirstus.

### 2.2 Geloof word gewerk deur die Heilige Gees

**Johannes 16 : 13**: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die waarheid lei, …".

Die Heilige Gees is God self wat ons aanspreek. Hy bewerk dit dat die waarheid tot ons ore kom, en dat ons die evangelie as die waarheid besef. Hy lei ons dan in hierdie waarheid. As ons dit baie modern mag stel, sou ons kon sê dat Hy ons bekeer. Dis hoe Hy ons lei in die hele waarheid. Iemand wat hom bekeer, is ook iemand wat glo. Bekering en geloof is onderskeibaar, maar nooit skeibaar nie! Dit is twee sake wat baie diep met mekaar vervleg is.

As ons vergeet, of in twyfel verval, dan is die Heilige Gees ook weer daar om ons geloof en kennis op te knap.

**Johannes 14 : 26**: "Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het".

## 3. WAT IS GELOOF?

Die Heidelbergse Kategismus gee sekerlik die antwoord die kortste en duidelikste: dis 'n gewisse kennis en 'n vaste vertroue.

### 3.1 Gewisse Kennis

Die Here het nie baie simpatie met 'n mens wat veronderstel is om van sekere dinge kennis te hê, en dit dan nie het nie. Die treffendste vers is sekerlik **Jesaja 1 : 3**. Daar staan geskryf dat iemand wat nie kennis van God het nie, slegter is as 'n donkie. 'n Donkie leer naderhand by watter krip hy sy voer kry, maar 'n mens wat God nie ken nie, is slegter as hierdie donkie, want hy leer nooit Wie hom voed nie!

**Jesaja 53 : 11** is 'n profesie van die Christus wat aan die kom is. Dan skryf die Here dat Jesus juis deur Sy kennis baie regverdig sal maak.

Kyk net na Jesus se lewe. Die eerste sterk voorval is sy optrede teen die satan pas na sy doop. Elke keer as die satan 'n teks aanhaal, kon Jesus sê: daar staan óók geskrywe! Sy kennis van die Skrifte blyk in elke woord wat Hy sê. 'n Maklike geval om te onthou, is sy gesprek met die Emmäusgangers.

Sy kennis was ongetwyfeld ook aanwesig toe Hy sterf, want Hy weet wanneer om te sterf. Hy lê Sy lewe af, want Hy gaan nie soos ons dood nie. Ons sterf as ons nie in staat is om langer te lewe nie. Hy gee Sy Gees in die hande van Sy Vader op die oomblik wat Hy geskik ag om self te sterf. Verder weet Hy ook presies vir wie Hy sterf.

Ons moet dus die Bybel ken! Dis hoe eenvoudig dit is. Hosea sê dat die Here met ons ‘n regsaak aan die gang het oor ons onkunde. Ons gaan gevonnis word omdat ons nie weet wat ons moet weet nie. Dis reg! Juis die gebrek aan kennis veroorsaak meer ellendes, soos byvoorbeeld dat daar ook nie meer liefde en trou is nie. Altwee is gekoppel aan kennis, want jy kan nie iemand liefhê sonder om hom te ken nie, en jy kan ook nie iemand vertrou sonder om hom te ken nie.

### 3.2 Nie net intellektuele kennis

Intellektuele kennis is byvoorbeeld om te weet 2 x 2 = 4. Jy kan intellektuele kennis van die Here hê. U besef hoe ‘n gevaarlike toestand daar dan vir jou kan ontstaan.

Dink net hoe absoluut uitgelewer jy voor die Here gaan wees as daar van jou getuig gaan word dat jy geweet het wie God is, en wie Jesus is, en geweet het van die Gees, en Sy stem gehoor het, maar dat jy sonder ‘n lewende geloof was!

### 3.3 Satan se kennis

Nou moet u tog net nie dink dat so iets nie moontlik is nie, want dis maklik moontlik. Die satan is die voorbeeld. Hy het God in die hemel gesien en geken, en hy was teen God in opstand. Hy ken die Bybel op die punte van sy vingers. Hy ken die Here baie goed – en hy gaan hel toe!!

**Jakobus 2 : 19**: “Jy glo dat God een is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder”.
Onthou u nog die duiwels in die besetene van Gadara?

**Matteus 8 : 29**: “En meteens skreeu hulle en sê: ‘Wat het ons met U te doen, Jesus, Seun van God?’”
Hulle het die kennis, en juis die kennis wek die vrees. Maar dit bewerk nie hulle verlossing nie!

# HOOFSTUK 7

## 1. GELOOF IS 'N VASTE VERTROUE

**Heidelbergse Kategismus, vraag 21**: "… maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk, dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade alleen ter wille van die verdienste van Christus".

Hier kry die intellektuele kennis as't ware 'n plekkie in my bloedstroom. Al hierdie dinge wat ek nou met my verstand begryp en te wete gekom het, is deel van my liggaam en siel. Hierdie Jesus wat gesterf het, is my God. Hy het vir my gesterf.

Die Evangelie het nie net op ander mense betrekking nie. Dit gaan oor my. My sondes is vergewe. Ek het die ewige geregtigheid. Ek het die saligheid. Ek het die genade van Jesus Christus. Dit is darem pragtig!

Hoor wat sê die Here self in **Hebreërs 11 : 1**: "Die geloof dan, is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie".

Dan noem die Here voorbeelde. Noag het 'n ark gebou in die geloof. Abraham het getrek in die geloof. Deur die geloof het Sara op drie-en-negentigjarige ouderdom bevrug geraak en 'n volmaakte seun gebaar.

Dit staan alles in Hebreërs 11. Nie een wat geglo het met 'n vaste vertroue het van God iets anders ontvang as wat hulle geglo het nie! Dieselfde staan in **Romeine 4 : 18 – 21**.

Jakobus skryf oor dieselfde saak, maar hy benader dit net van 'n ander kant af (**Jakobus 1 : 6**): "Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word".

'n Vaste vertroue is mos om nie te twyfel nie! Daarom moet jy met 'n vaste vertroue bid en glo, want jy het geen rede tot twyfel nie.

Die Here onderstreep self die vaste fondament van jou geloof. Jy moet net daaraan dink dat God self deur Sy Gees in jou hart woon, om jou van al hierdie geloofswaarhede te verseker.

**2 Korintiërs 4 : 13**: "En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het – soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek – glo ons ook, daarom spreek ons ook".

Ek haal die hele vers aan, sodat dit nie uit verband geruk word nie, maar kyk nou wat staan daar: "… omdat ons dieselfde Gees van geloof het, glo ons ook"! Die geloof word deur die Gees (= Heilige Gees) veroorsaak of bewerk.

**Johannes 6 : 29** maak dit ook duidelik dat geloof van God af kom, al word dit nie in hierdie vers pertinent gesê dat dit juis die Heilige Gees is nie: "Dit is die werk van God dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het".

Jou geloof word deur God bewerk, en die Heilige Gees is ook God!

**Filippense 1 : 19**: "Want ek weet dat dit deur julle gebed en die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus my tot heil sal strek".

Die Gees is die Een wat ons ondersteun. In ons gebede ondersteun Hy ons, maar ook in die geloof.

Neem nog 'n voorbeeld: Lidia, die puperverkoopster. **Handelinge 16 : 14**. Paulus het daar gepreek, en toe het die Here haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê word. Sy en haar huisgesin is bekeer en gedoop (kinders ook?).

Die Heilige Gees bewerk baie meer dinge in ons harte. Kom ons kyk wat staan geskryf in **Galasiërs 5 : 22**: "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing".

## 2. HOE BEWERK DIE HEILIGE GEES GELOOF IN MY?

Die Here kan deur wonders werk, want ons almal weet van baie gevalle waar dit so was. Maar dit is ook so dat die Here in ons tyd van middele gebruik maak. Die middele is die prediking en die Bybel. Dis waarom Jesaja so moedeloos uitroep: "Here, wie het ons prediking geglo?" (**Jesaja 53 : 1**).

Paulus antwoord op hierdie uitroep van Jesaja en sê: "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God" (**Romeine 10 : 16 & 17**).

Dis hoe dit kom dat sommige mense nie glo nie, want "hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie".

**1 Korintiërs 1 : 21** is natuurlik 'n baie sprekende teks: "Want aangesien in die wysheid van God die wêreld deur die wysheid God nie geken het nie, het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking die wat glo, te red".

Hierdie vers onderstreep waarom ons moet kerk toe kom! Net in die kerk is daar amptelike Woordbediening. Daar kom jy onder die geklank van God se Woord en dan bewerk die Heilige Gees op hierdie prediking wat jy hoor, die geloof.

Die bewys hiervan is **Handelinge 10 : 44**: "En terwyl Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het".

## 3. WAT BEWERK DIE HEILIGE GEES IN MY HART?

- Die kennis en die vaste vertroue dat die Here Jesus Christus gesterf het tot versoening van die mens met God.
- Dat Hy ook vir my gesterf het – nie net vir ander mense nie! Dus: ‘n vaste vertroue!
- ‘n Vaste vertroue dat ek ook ‘n uitverkorene is, wat deur Sy kruisdood en opstanding vergewing van sondes – en ewige geregtigheid – ewige saligheid het.

# HOOFSTUK 8

## DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES

Wat maak ek nou? Ek glo dat ek die ewige lewe het, want die Heilige Gees bewerk dit in my en verseker my ook daarvan deur die Bybel en die Woordverkondiging en die sakramente. Maar wat word nou van hierdie geweldige saak in my daaglikse lewe? Ek doen dan nog sonde! Ek is nog nie volmaak nie!

Hier kyk ons nou na die **Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5**:

1. Die Here verlos ons nie in hierdie lewe geheel en al van die vlees en die liggaam van die sonde nie.

2. Hieruit spruit ons daaglikse sondes voort. Vanweë ons swakheid is selfs die heiligste mense se werke nog vol gebreke. Maar ons moet solank as wat ons lewe, oefen om heiliger te lewe.

3. Ons sou heeltemal ondergegaan het as ons in ons eie krag teen al die sondes moes stry, maar God bewaar ons met Sy krag.

4. Ons moet voortdurend waak teen die kwaad, en bid dat ons nie versoek word nie. Deur die regverdige toelating van God, is sekere heiliges soos Dawid en Petrus tot gruwelike sondes verlei.

5. Die sondes kwes ons gewete. So gebeur dit dan dat mense nie meer die genade van God beleef nie, totdat God hulle weer tot boetvaardigheid beweeg.

6. Selfs as ons in sonde val, neem God sy Heilige Gees nie heeltemal van ons af weg nie. Hy laat ons nie so ver val, dat ons uit die genade van die aanneming en die staat van regverdigmaking uitval nie.

7. Die Here vernuut ons deur die krag van Sy Woord tot bekering. Dan kry ons berou en werk ons harder aan ons saligheid.

8. Ons sal vanweë ons swakhede baie sonde doen, maar van God se kant af kan ons nooit verlore gaan nie, want Sy raad verander nooit. Hy laat ons nie verlore gaan as ons eers uitverkies is nie, want dan sou Hy die werk van Christus en die verseëling van die Heilige Gees verydel.

9. Die uitverkorenes kan dus glo dat hulle die vergifnis van sondes en die ewige lewe deelagtig is.

10. Hierdie versekering spruit voort uit die geloof aan die beloftes van God. Die Heilige Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders en erfgename van God is.

11. Dit kan dus gebeur dat ons nie altyd hierdie volle vertroue van die geloof en hierdie sekerheid van volharding voel nie.

12. Dis egter onmoontlik dat hierdie gevoel van sekerheid die ware gelowige hoogmoedig of sorgeloos sal maak. Die gevoel sal juis maak dat ‘n ware gelowige uit dankbaarheid nederig is, ‘n kinderlike vrees, ware godsaligheid, lydsaamheid in die stryd, en vurige gebede openbaar.

13. Dit is nie ‘n geval van ligsinnigheid by ‘n gevalle sondaar wat weer uit sy val opgerig is nie. Daar is by hulle ‘n groter sorg om die weë van die Here vlytig in ag te neem.

14. Die Here volbring Sy genade aan ons ook deur vermaninge, bedreiginge, beloftes en deur die gebruik van die sakramente.

15. Hierdie leer word deur baie mense nie begryp nie.
    Die satan haat dit.
    Die wêreld spot daarmee.
    Die onervarenes en huigelaars misbruik dit.
    Die Kerk verdedig dit.

**OPSOMMEND**

1. Die Heilige Skrif getuig dat volharding uit die uitverkiesing volg. Dit word deur Christus aan die uitverkorenes gegee. **Romeine 11 : 7**; **Romeine 8 : 32 – 35**.

2. Die mens het nie ‘n vrye wil in die saak nie. God bewaar ons, en al die eer kom Hom toe. **1 Korintiërs 1 : 8**.

3. ‘n Mens kan nie uit die genade van God val nie. **Romeine 5 : 8 & 9**; **1 Johannes 3 : 9**; **Johannes 10 : 28 & 29**.

4. Ware gelowiges kan nie die sonde teen die Heilige Gees begaan nie. **1 Johannes 5 : 18**.

5. ‘n Mens kan in hierdie lewe reeds die sekerheid hê van die toekomstige lewe. Daarvoor is daar nie ‘n besondere openbaring nodig nie. Die Bybel en die Heilige Gees openbaar en werk dit genoegsaam. **Romeine 8 : 39**; **1 Johannes 3 : 24**.

6. Die leer van die versekering van volharding en van die saligheid lei juis tot godsvrug, goeie sedes, gebede en ander heilige oefening. **1 Johannes 3 : 2 & 3**.

# HOOFSTUK 9

## 1. BEKERING

Hierdie afdeling is in ons tyd een van die belangrikste sake in die lewe. Daar is ‘n sterk oplewing onder alle sektes, en dit gaan vir hulle daarom dat hulle Christus aanneem. Hulle nooi Hom in hulle harte en lewe in. Die mens staan heeltemal in die sentrum, terwyl God en Sy genade ‘n soort van ‘n dienskneg word aan die mens en sy mag tot bekering en goeie werke.

Ondersoek die volgende:

- **WAAR** God staan in die sentrum van alles. Daarom is my bekering gewortel in Sy genade en liefde vir my. Hy bekeer my, sodat ek my kan bekeer. **1 Konings 18 : 37**; **2 Kronieke 6 : 26**; **Jeremia 31 : 18**.
  **VALS** Ek bekeer myself. Die beslissing berus absoluut by my. Nà my bekering nooi ek Christus in my lewe in, en doen ek goeie werke, wonders en spreek tale in Sy Naam.

- **WAAR** In God se raad is die uitverkiesing ook ingesluit, en hierdie uitverkiesing bepaal dat God voor die grondlegging van die wêreld reeds bepaal het vir wie Christus sou sterf, en vir wie nie. **Efesiërs 1 : 4**.
  **VALS** God het niemand uitverkies nie. Die uitverkiesing waarvan die Bybel praat, dui slegs aan dat God vooruit geweet het wie Hom sou aanneem. Hy het hulle uitverkies.

- **WAAR** Daar is duidelike voorbeelde dat sekere mense deur God vir die hemel gemaak word, en ander vir die hel. Farao; Jakob en Esau; die voorwerpe tot eer en oneer in **Romeine 9**.
  **VALS** God het die hele wêreld lief. Dis nie so dat Christus se dood eksklusief is nie. Dis onregverdig as almal hulle nie kan bekeer nie. Die genade is “oop” vir almal, en die mens beslis.

- **WAAR** Die voorsienigheid is ook deel van God se raad. Hierin word God se beslissings en besluite vasgelê, en alles gebeur presies volgens die wil van God. **Exodus 8 : 12**; **Levitikus 26 : 16**; **Deuteronomuim 32 : 35**; **2 Samuel 17 : 14**; **2 Kronieke 29 : 36**; **Job 13 : 26**; **Job 31 : 2**; **Psalm 71 : 3**; **Jesaja 26 : 12**; **Jesaja 37 : 26**; **Handelinge 4 : 28**.
  **VALS** Nee, God het net vooruit geweet. Hy kan my nie bekeer nie, want die keuse is myne. Hy het nie alles vasgestel en bekeer nie. (Die inisiatief word dus van God af weggeneem).

## 2. GOD STAAN IN DIE SENTRUM VAN ALLES: OOK VAN MY BEKERING

Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge! (**Romeine 11 : 36**; **Kolossense 1 : 16**). Daarom skape God die mens na Sy beeld en gelykenis. Dit is nou in ware kennis, geregtigheid en heiligheid (**Efesiërs 4 : 24**; **1 Tessalonisense 3 : 13**; **1 Tessalonisense 4 : 4**; **Hebreërs 12 : 10**). Na die sondeval word die skepping vervloek ter wille van die mens se misdryf teen God. Daarmee saam begin die mens se beeldskap van God verwring. Hy kan homself nie weer bekeer nie.

## 3. SONDE IS ONWETTIGHEID

**1 Johannes 3 : 4**: "Sonde is ongeregtigheid". Dus: verbreking en skending van God se wet!

**N.B.** Wat is die beginsel van die sonde?
Dit is om God uit die sentrum uit te haal en met jouself te vervang. Die belofte van die satan was: julle sal soos God wees. **Genesis 3 : 5**. Dus: jy sal 'n gelykwaardige grootheid aan God wees. Aanbidding verval. Jou diens aan God verval, want jy is dan soos God. Die belofte was aangebied as 'n klemverskuiwing van God af na die mens toe. Die karikatuur wat die mens kry, is dat Satan dan in die sentrum van sy lewe kom staan.

## 4. GOD HELP

God tree self weer vir ons in! Hy kom met die eerste verlossingsbelofte. **Genesis 3 : 15**. Hy kom om net weer te bevestig dat Hy in die sentrum staan. Hy voorsien die Verlosser. Hy verslaan die satan. Hy voorsien die moontlikheid dat die mens weer voor Sy troon kan kom staan. Die verlossing deur Jesus Christus kom op God se genade.

Christus beloof 'n ander Trooster. Dis die Heilige Gees. Hy sal ons vertroos. Hoe? Deur ons te lei tot geloof in die verlossing deur Jesus Christus, en daarmee saam geloof en vertroue in die Woord van God en in Sy Raad (**Johannes 14 : 16**, **26**; **Johannes 15 : 26**; **Johannes 16 : 7**). Geloof in Christus sluit letterlik alles van God in.

## 5. HOE WERK GOD BEKERING?

Ons kan alleen tot geloof kom as God ons roep.

**1 Tessalonisense 2 : 12**: "… God wat julle tot Sy koninkryk en heerlikheid roep.".
**1 Tessalonisense 4 : 3**: "Want dit is die wil van God: julle heiligmaking …".
**1 Tessalonisense 5 : 24**: "Hy wat julle roep, is getrou…".
**2 Tessalonisense 3 : 3**: "Maar die Here is getrou; Hy sal julle versterk en bewaar van die Bose." (bewaar van die bose is tot bekering en verlossing!)
**2 Tessalonisense 3 : 5** "Mag die Here julle harte rig tot die liefde van God en die

lydsaamheid van Christus!”

## 6. NIE ALMAL NIE

Net so is die teendeel ook waar. Die Here gee dit nie aan alle mense om te kan glo nie.

# HOOFSTUK 10

## 1. IN CHRISTUS NUWE LEWE: DIE NUWE LEWE EN DIE GELOOF

Die eerste vraag wat by elke mens opkom, is: hoe realiseer hierdie nuwe lewe deur die Gees van God in ons? Langs watter weg? Hoe? Op watter manier? Wat beteken dit om ‘n nuwe mens te wees?

Die **Dordtse Leerreëls** leer ons in **hoofstuk 2 punt 5** dat almal wat in Christus glo, hierdie ewige lewe (nuwe lewe) het. Daarom moet die Evangelie sonder enige onderskeid aan alle mense voorgestel en verkondig word.

Ons bely verder in die **Dordtse Leerreëls hoofstuk 3 & 4 van punt 8 tot 12**, die volgende: “Almal word in erns deur die Evangelie geroep. Die Here beloof ook in alle erns aan almal wat tot Hom kom en glo, die rus vir hulle siele, en dat hulle die ewige lewe het”.

Punt 9 stel ons natuurlik in ons verantwoordelikheid teenoor die nuwe lewe, want daar staan geskrywe dat daar sommige mense is wat deur sorgeloosheid die Woord van die lewe nie aanneem nie. Dan is daar weer ander wat dit aanneem, maar nie in die binneste van hulle harte nie, sodat hulle na ‘n kortstondige vreugde van die tydelike geloof, weer terugval. Vergelyk hierby die gelykenis van die saaier (**Matteus 13 : 1 – 23**; **Lukas 8 : 4 – 15**).

Die troos kom gelukkig baie sterk na vore in **punt 10**: die Here sorg dat dié wat van ewigheid af sy eiendom in Christus is (uitverkorenes), met die geloof en die bekering begiftig word.

Dan verlos Hy hulle van die mag van die duisternis. En hulle moet dan die deugde van God wat hulle verlos het, verkondig. Dit beteken: getuig van die roem van die Here!

Die “HOE” staan baie mooi neergeskrywe in **punt 11**: God bewerk ware bekering in die uitverkorenes. Hy laat die Evangelie uiterlik aan hulle verkondig, en Hy verlig nog hulle verstand ook met die Heilige Gees! Daarna verstaan en onderskei hulle die dinge van die Gees van God. Hy maak dan hulle verhardheid week.

Hy stort nuwe hoedanighede in hulle in: Hy maak die boosheid goed; Hy maak iemand wat eers nie wil nie, iemand wat nou werklik wil! Hy maak ‘n wederstrewige mens gehoorsaam en Hy versterk jou wil, sodat jy die kwaad kan weerstaan!

Die apostel Paulus skrywe van hierdie dinge in **Romeine 6 : 4**: “… sodat net soos Christus uit die dode opgewek is, deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ‘n nuwe lewe kan wandel.”

So kom ons ook in die nuwe lewe! Lees gerus ook **Romeine 7 : 6** en kyk na die woorde: "… nuwighede van die Gees …"

## 2. ALLES WORD ANDERS!

Dit gaan basies daaroor dat daar by 'n bekeerde mens 'n nuwe lewe, lewenshouding en benadering moet wees! Dit kan alleen tot stand kom deur die geloof, want hierdie nuwe lewe van jou op die aarde, moet oorvloei in die volmaaktheid van die hiernamaals (**Dordtse Leerreëls 3 & 4, punt 8**). Die bekering en wedergeboorte – wat volg op die geloof.

**2 Korintiërs 5 : 17**: "Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."
Die nuwe lewe is om te lewe vir Christus!

**2 Korintiërs 5 : 15**; "… en Hy het vir almal gesterwe, sodat die wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is."
Ons nuwe lewe is ten nouste geskakel met God!

**Kolossense 3 : 3**: "Want julle het gesterwe, en julle is saam met Christus verborge in God."

Mens kry natuurlik die gevoel dat hierdie ewige lewe en nuwe lewe iets is wat eers "eendag" aan die kom is. Maar dan ruk die Here ons as't ware in die grootsheid van die saak in as die brief aan die Efesiërs die volgende sê: **Efesiërs 2 : 5, 6**: "- uit genade is julle gered – en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Jesus Christus, …"

Ons was toe nog nie eers gebore nie, toe sit ons al saam met Christus in die hemel! So geweldig is die nuwe lewe wat ons deur die geloof in Christus het!

Die nuwe lewe vra ook onderwerping en gehoorsaamheid!

**Galasiërs 5 : 25**: "As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel."
Die gevolgtrekking is eintlik voor-die-hand-liggend: lewe in die nuwe staat van die Gees, en nie meer in die ou staat van die letter nie.

## 3. WAT IS DIE NUWE LEWE?

Ons het reeds gesien dat dit 'n totale verandering is. God verander elke vorm van kwaad in jou tot die goeie. Die volmaaktheid bereik ons egter eers in die lewe na hierdie een.

Die teenoorgestelde van die nuwe lewe staan in die **Dordtse Leerreëls, hoofstuk 3 & 4, punt 15**: "Iemand wat nie die nuwe lewe het nie, roem in homself. In sy sorgeloosheid roem hy in dinge wat hy sê dat hy dit het, terwyl hy dit nie het nie"!

Die eerste kenmerk van die nuwe lewe is dat ek nie meer op myself aangewys is nie! Dit is tog die strekking van die apostel Paulus se woorde in **Romeine 7 : 24, 25** as hy sê: "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!"

Hy bely hier dat hy uit die dood net op een manier kan uitkom, en dis as die Here Jesus hom daar uithaal! Daar is verder 'n lewe in Christus. Dis byna mistiek. Ek lewe nie meer nie, maar Christus lewe in my!

**Galasiërs 2 : 20**: : Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my."

Dis 'n lewe van my eie, maar dis ook 'n lewe deur die geloof in Jesus Christus, die Seun van God! Dan is my lewe natuurlik 'n lewe waarin ek myself voortdurend ondersoek.

**2 Korintiërs 13 : 5**: "Ondersoek julleself, of julle in die geloof is; stel julleself op die proef!"

# HOOFSTUK 11

## HOE WORD ONS DEEL VAN DIE NUWE LEWE?

### 1. DEUR DIE GELOOF

Die geloof is die middel waardeur ons kom tot hierdie nuwe lewe. Deur die geloof mag die gemeente byvoorbeeld weet dat hulle dood is vir die sonde en lewend vir God! Ook ek en jy kan dit weet, want dit is geloofsversekering (N.B. positief gestel)!

**Romeine 6 : 11**: "So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Jesus Christus, onse Here".

**Kolossense 2 : 12** stel die saak nog weer van 'n ander kant af, omdat daar geleer word dat ons in die doop met Christus begrawe is, en ook weer opgewek is in die ewige lewe.

Die nuwe lewe is om te wandel, te lewe en te staan in Christus. Ek is nou op Jesus Christus aangewys, want Hy versorg my en my lewe. Dis wat dit beteken dat ek lewend is vir God in Jesus Christus (**Romeine 6 : 11**).

**Kolossense 2 : 6, 7**: "Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof soos julle geleer is, …".

Wandel in die Here Jesus Christus! Moet nou nie dink dat die Bybel hier jou oulikheid onderstreep omdat jy juis Jesus Christus aangeneem het nie! Jy het, ja, maar dit was omdat Hy jou eerste aangeneem het, en sy Gees toe op grond van hierdie uitverkiesing die geloof en bekering in jou tot stand gebring het!

**Filippense 4 : 1** en **1 Tessalonisense 3 : 8** verwys na die nuwe lewe as vasstaan in die Here. Terselfdertyd is dit ook lewe, wandel en staan in geloof. Hierdie feit word in **Galasiërs 2 : 20b** aan ons openbaar: "En wat ek nou in vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God …".

Tref die woorde u: leef ek deur die geloof? Die anderkant van die saak is natuurlik dat ons juis in die geloof wandel omdat ons nie met sienlike dinge te doen het nie.

**2 Korintiërs 5 : 7**: "Want ons wandel deur geloof, en nie deur aanskouing nie".

Die wonder daarvan dat ons staande bly in hierdie sake waarvan 'n mens niks kan sien nie, en waarin ons ook soms weinig kan sien, is weereens aan die geloof te danke.

**Romeine 11 : 20**: "Goed! Deur die ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof".

Die geloof is dus die werktuig wat keer dat jy tot ‘n val kom. Dit hou jou op jou geloofsvoete – staande. Die geloof maak jou ook ‘n ware soldaat van God! Kyk net hoe stel die Here dit:

**1 Korintiërs 16 : 13**: “Waak! Staan in die geloof! Wees manlik, wees sterk”.

Om te staan in die geloof, is deel van jou wapens waarmee jy die satan beveg. Lees gerus ook hierby **2 Korintiërs 1 : 24**, waar daar ook verwys word daarna dat ons in die geloof vasstaan.

Nog net ‘n laaste opmerking: geloof en kennis is natuurlik onlosmaaklik aan mekaar verbind. Paulus skryf dit in **Filippense 3 : 8**: “Ja, waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, …”.

Die kennis word hier baie hoog aangeslaan! So moet ons die saak ook benader!

## 2. DEUR DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES

Geloof is terselfdertyd die wyse waarop ons met Christus sterf en opstaan. Dit is ook om te wandel in en deur die Gees. Dit is die Heilige Gees wat in ons werk, sodat ons mettertyd kan groei tot die volmaakte, wat in die nuwe skepping eers ‘n werklikheid gaan word. Dit staan in **Galasiërs 5 : 25**: “As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel”.

Of lees **Romeine 8 : 4**: “… sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees”.

Lees gerus die **Dordtse Leerreëls, hoofstuk 3 & 4, punt 16,** hieroor. Ons word nie met geweld gedwing nie, maar ons word geestelik lewend gemaak deurdat ons gewillig en opreg aan die Gees gehoorsaam word. Die presiese woorde is: “… ‘n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees die oorhand begin te kry”.

## 3. OPGESOM

In al die uitsprake oor die nuwe lewe, sien ons dat die geloof die weg is waardeur die Gees van God sy werk en gawes aan die mens en die gemeentes gee, en hom sodoende die nuwe lewe deelagtig maak.

**Efesiërs 3 : 16**: “… dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens, …”.

Hierdie gedeelte beklemtoon ook hoe vervleg die Drie-Enige God werk. Christus en die Heilige Gees werk hier as ‘n eenheid, al werk hulle ook nog onderskeie.

Uiteindelik eindig ons met die nuwe lewe in die nuwe hemel op die nuwe aarde.

Meer tekste oor al bogenoemde is: **2 Korinthiërs 5 : 17**; **Galasiërs 6 : 15**; **Efesiërs 2 : 15 & 4 : 24**; **2 Petrus 3 : 13**; **Kolossense 3 : 10**; **Openbaring 2 : 17**; **3 : 12**; **5 : 9**; **14 : 3**; **21 : 2**; **21 : 5**.

# HOOFSTUK 12

## 1. DIE NUWE GEHOORSAAMHEID: WAAR KOM DIT VANDAAN?

Die nuwe lewe eis vanselfsprekend ‘n nuwe gehoorsaamheid! Dit is bekering. Dit is ‘n baie lang proses, want bekering is ‘n eenmalige gebeurtenis, maar daar is tog ook iets soos daaglikse bekering. Dink maar net hoeveel keer die profete vir Israel toegespreek het dat hulle hulle moet bekeer. En dan praat hulle mos met die uitverkore volk! Die Here se volk!

Bekering beteken vir ons Christene om ‘n nuwe gehoorsaamheid aan Christus aan die dag te lê. Ons moet elke dag opnuut teen die sonde stry uit dankbaarheid vir Christus se verdienste. Die verdienste is:

- dat Hy vir ons die ewige saligheid verwerf het;
- en dat Hy nou vir ons bid by die Vader;
- dat Hy nou vir ons plek voorberei;
- en dat Hy sy Gees na ons toe gestuur het.

Die **N.G.B.**, **artikel 23**, stel hierdie kant van die lewe baie mooi en helder: ons ontvang die geregtigheid sonder die werke! Dit is natuurlik so dat ons in die genade alleen eendag voor God se regterstoel sal kan gaan staan. Maar ons ken nou reeds die uitslag van sy regspraak: ons sal vrygespreek word in die verdienste van Christus (**Romeine 3 : 24; 4 : 6**)!

Daarom moet ons uit dankbaarheid gehoorsaam wees. Ons moet wegdoen met alle ongeregtigheid. Daar mag geen bedrog in ons gees wees nie (**Psalm 32 : 2**).

## 2. GRONDSLAG VAN DIE NUWE GEHOORSAAMHEID

Die grondslag van die nuwe gehoorsaamheid is:

- Ons gee aan God al die eer!
- Ons verneder ons voor Hom!
- Ons erken ons is wat ons is, en roem glad nie in onsself of in ons verdienste nie!
- Ons maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen!
- Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo.

Kom ons lees **Romeine 5 : 19**: “want soos deur die ongehoorsaamheid van een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die EEN baie tot regverdiges gestel word” (vergelyk ook **1 Korintiërs 15 : 21**).

Die nuwe gehoorsaamheid is om te volg in die gehoorsaamheid van Christus. Nie sodat ons daarmee dieselfde kan verdien as Hy nie, want Hy het alles reeds verdien omdat ons nie kan nie (**Romeine 8 : 32vv**)! Ons nuwe gehoorsaamheid is omdat ons deur Sy gehoorsaamheid tot regverdiges gestel is!

Die saak word weer gestel in **Romeine 6 : 16**: "Weet julle nie dat aan wie julle julleself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie – òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?".

As ons bly in die ou gehoorsaamheid, is ons gehoorsaam aan die sonde. Of gehoorsaam aan Satan. Daarom bewerk dit die ewige dood.

Maar lynreg hierteenoor staan die nuwe gehoorsaamheid. Dit is om gehoorsaam te wees aan Christus. Gehoorsaamheid aan Hom vervang die gehoorsaamheid aan die satan, omdat Christus ons loskoop van die satan. Daarom lei hierdie nuwe gehoorsaamheid na die ewige lewe by God toe.

## 3. HOE KOM DIT PRAKTIES TOT UITING?

Kom ons laat die Bybel die antwoord gee:
**2 Korintiërs 10 : 5**: "… terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus, …".

Die vers leer dat die nuwe gehoorsaamheid prakties drie dinge is wat ons moet doen:

- Ons moet alle planne teen God verbreek.
- Ons moet alle skanse wat teen God opgewerp is, ook verbreek.
- Ons moet elke gedagte wat lei tot gehoorsaamheid aan Christus, gevange neem. Dus ons eie maak.

Gehoorsaamheid is dat jy self onder lyding, spanning en druk steeds gehoorsaam bly, soos Christus.

Gehoorsaamheid het natuurlik 'n besondere opdrag vir die ampsdraer in die kerk. Ons lees in **1 Petrus 5 : 2** dat die herders toesig moet hou oor die kudde van God wat onder hulle is. In hulle gehoorsaamheid aan God moet die eer van die werk aan Hom gegee word. Daarom mag die ampsdraer nie homself vereer deur sy werk nie, en ook geen vuil gewin soek nie.

Dan is daar nog al die gedeeltes in die Bybel waar ons aangespoor word om alle haat en nyd te laat vaar. Dit is ook gehoorsaamheid! Daarby kom ook nog die gedeeltes wat ons teen sedelike misdrywe waarsku.

**Galasiërs 5 : 6** praat byvoorbeeld ook van die geloof as ‘n geloof wat deur die liefde werk. Dit is ook deel van die nuwe gehoorsaamheid om lief te hê.

Lees nou die brief van Jakobus. Hier word regdeur klem gelê op die goeie werke. Maar nou moet ons dit binne verband sien. Die nuwe gehoorsaamheid kom tot openbaring in die werke, maar dis nie die een en die al nie. Lees hierby **artikel 24 van die N.G.B.**, dan is dit duidelik dat die goeie werke uit genade is. Ons bely dat die hoor van die Woord van God en die werking van die Heilige Gees die mens wederbaar tot ‘n nuwe mens, met ‘n nuwe lewe. Die werke wat voortkom deur hierdie nuwe mens in sy lewe, is deur God se genade heilig.

Ons belydenis stel dit self so dat ons by “God in die skuld staan vir die goeie werke wat ons doen”.

# HOOFSTUK 13

## 1. DIE NUWE CHRISTEN EN DIE NUWE VERHOUDINGS WAARIN HY LEEF

Die nuwe lewe en die nuwe gehoorsaamheid het vanselfsprekend tot die gevolg dat daar ‘n nuwe benadering by die mens ontstaan.

Die nuwe benadering is ten opsigte van letterlik alles, want alles word nou gesien in die lig van God se verbond, en van die eise wat daarmee gepaard gaan.

Die feit dat al jou verhoudinge reeds die ewige lewe moet begin weerspieël, verg nou uiteraard aanpassings!

## 2. DIE NUWE LIDMAAT EN DIE KERK

Die eerste en belangrike verhouding waarin die nuwe Christen te staan kom, is om in te skakel by die kerk. Of anders gestel: om deel te wees van die liggaam van Christus.

Hy moet dit nie net bely nie, maar hy moet nou ‘n lewende deel daarvan word. Daarom is dit goed dat ons besin oor wat ons aangaande die kerk bely.

Ons bely natuurlik die bestaan en die wese van die kerk in die Apostoliese Geloofs-belydenis wat by elke oggenddiens voorgedra word: Ek glo aan ‘n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges.

Dit is ‘n baie kort samevatting van wat in die **Heidelbergse Kategismus Sondag 21** geskryf staan:

- Die kerk is heilig omdat Jesus Christus uit die ganse menslike geslag vir Hom ‘n gemeente uitverkies het
- wat tot in ewigheid by Hom sal wees.
- Hy vergader hulle van die skepping af tot met die wederkoms.
- Hy versorg hulle met die Bybel en die werk van die Heilige Gees.

MAAR baie belangrik: ek is ‘n lewende lid van hierdie kerk. Die Here het my ook as ‘n gemeentelid uitverkies om in die ewige lewe by Hom te wees!

Ek het dus persoonlik deel aan die gawes van Christus. Dit beteken nou nie dat ek as ‘n Christen my eie pad alleen-alleen gaan vorentoe lewe nie. Nee, ek moet my gawes tot die nut en die saligheid van die ander lede aanwend. Ek moet dus aan ‘n kerk behoort, waar ek gemeenskap met die uitverkorenes kan beoefen. Lees hierby **N.G.B. artikel 27**.

Wat in hierdie artikels van die geloofsbelydenis nie duidelik na vore kom nie, is die plaaslike openbaring van die katolieke (algemene) kerk. Die kerk word van ewigheid tot

ewigheid baie goed beskryf, maar nou is dit tog ook so dat die kerk deur al hierdie jare op elke plek (plaaslik) in gemeentes geopenbaar word.

Elke gemeente is deel van die heilige, algemene Christelike kerk, maar dis ook ‘n “kleiner” vorm van die groot geheel.

Die kerk openbaar hom ook verskillend in verskillende volke en kulture. Kyk byvoorbeeld na die verskille tussen die Gereformeerde kerke onder die swartmense en die witmense, terwyl dit tog dieselfde kerk is!

Die plaaslike kerk word dus bepaal deur geografiese faktore, volksverskille, taal en kulturele verskeidenheid. Dit hef egter nie die eenheid in die kerk op nie!

Ons kan dieselfde saak van nog ‘n ander kant af stel: dit gaan oor die sigbare en onsigbare kerk. Dit beteken dat die wese van die kerk in die onsigbare wêreld is, byvoorbeeld in die wêreld van geloof en van God. Geloof is onsigbaar, en God is Gees. Die gemeenskap met Christus is onsigbaar. Net so is die Heilige Gees en die werk wat Hy doen, onsigbaar.

Ons moet daarby voeg dat die kerk onsigbaar is, omdat ons nie al die gelowiges ken wat eendag in die hemel sal wees nie.

Die sigbare kerk is nie anders as die onsigbare kerk nie. Maar dit is tog anders in die sin dat dit die plaaslike gemeente is. Ons plaaslike gemeente het tog ‘n naam, en het gelowiges van wie se belydenis en lewenswandel ons rekenskap kan gee.

Kom ons som dit op:

Die kerk is onsigbaar vir 3 redes:

- Ons ken nie die kerk deur al die tye en op al die plekke nie.
- Die kerk sal eers met die wederkoms voltooi wees.
- Ons kan ook nie in alle gevalle in die kerk ware gelowiges van die valses onderskei nie.

Die kerk is sigbaar:

- Die kerk word in belydenis en lewenswandel deur die lidmate geopenbaar.
- In die kerk is die ampte geïnstitueer, en tree so op.

## 3. STRYDENDE EN OORWINNENDE KERK

Hierdie sake kom ook na vore in die “strydende “ en “triomferende” kerk. Daarmee bedoel ons dat die kerk op die aarde die strydende kerk genoem word. Dis die kerk wat deur die eeue stry teen die aanvalle van die duiwel. Die aanvalle is al die dinge soos

kettery, dwaalleer, lidmate wat ontrou is, lidmate wat sondig en getug moet word tot gehoorsaamheid, ensovoorts.

Die kerk in die hemel is die triomferende kerk. Triomf beteken oorwinning. Dit is die kerk wat bestaan uit lidmate wat oorwin het, en nou in die hemel is. Hulle het natuurlik oorwin deur Jesus Christus!

Uiteindelik – met die wederkoms – is al hierdie kerk se lidmate in die hemel. Dan is die strydende kerk heeltemal verander in die triomferende kerk.

# HOOFSTUK 14

## 1. KENTEKENS VAN DIE WARE KERK

Die kerk is ‘n vergadering van ware Christengelowiges, en daarom moet dit sekere kenmerke hê waaraan dit geken kan word.

**N.G.B. artikel 29** is hier baie belangrik:
* suiwer prediking van die Evangelie
* suiwer bediening van die sakramente
* suiwer handhawing van die kerklike tug

## 2. VALSE KERK

Kyk na die kenmerke van die valse kerk wat in die **N.G.B. artikel 29** gegee word. Die Roomse kerk verhef die kerk bo die Woord van God. Ons stel die kerk gehoorsaam aan die Woord van God.

‘n Valse kerk
- wil hom nie aan die juk van Christus onderwerp nie.
- Dit bedien ook nie die sakramente soos wat Jesus Christus dit in sy Woord verorden het nie.
- Dit steun meer op die mense as op Christus!
- Dit pas ook nie die tug toe nie.

Dit was in die Ou Testament al duidelik dat die kerk (toe nog Israel) hom aan dìt wat van God af geopenbaar word, moet onderwerp.
**Spreuke 29 : 18:** “As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos, maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy”.

Jesaja koppel die saak van onderwerping aan die wet ook aan die hiernamaals!
**Jesaja 8 : 20:** “Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen daeraad het nie!”

In **Jeremia 8 : 10** kry ons ook die gedagte dat iemand wat in sy oormoedige wysheid die Woord van die Here verwerp, in die skande kom en verslae en verskrik raak. Die bedoeling is seker dat dit in hierdie lewe sal gebeur, maar veral in die hiernamaals. Lees ook hierby **Hosea 4 : 6**.

Uit hierdie en nog baie meer skrifgedeeltes lei ons af dat die kerk hom te alle tye moet onderwerp aan die Woord van God. Dus aan alles wat God beveel.

Ons glo verder dat hierdie kerk van Christus deur Jesus Christus self vergader word. Hy doen dit deur die Woord en die sakramente. Deur die Woord, omdat Jesus Christus ons

opdra om dissipels te maak van al die nasies. En dit gaan ons doen deur hulle te doop, maar ook deur hulle "te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het". Dus, deur die inhoud van die Bybel aan hulle te leer, sodat hulle die wil van God kan ken, en dit dan ook kan uitleef en beleef.

Een keer is Jesus in gesprek met Petrus. Dis die geskiedenis van **Matteus 16 : 18**. Petrus het bely dat Jesus die Seun van die lewende God is. Toe sê Jesus: "Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou".

Hier leer ons ook dat dit nie mensewerk is om die kerk te bou nie. Die Here Jesus doen dit self. Hy gebruik ons net as instrumente in sy uitvoering van hierdie taak van Hom.

Ons lees dieselfde in **Efesiërs 2 : 20** waar daar geskrywe word dat ons gebou is òm die fondament van die apostels en die profete, terwyl Jesus self die Hoeksteen is.

Hier staan nie dat ons onsself bou nie! Ons word gebou! Ons is dus die kerk wat deur Jesus Christus gebou word in die waarheid van God se Woord.

## 3. REGERING VAN DIE KERK

### N.G.B. Artikels 31, 32 & 33

Wie is die enigste Hoof van die kerk? Dit is die belangrikste saak in die kerk hierdie! Daar is net één Regeerder! Net één Koning! Dit is Jesus Christus!

Dit is so dat die Here ook ouderlinge en diakens laat verorden het, en dat die Here hulle van die vroeë geskiedenis van die kerk af tot vandag toe deur die gemeentes laat verkies.

Dit is ook so dat daar die amp van bedienaar van die Woord is. Dit is die predikant. Hierdie predikant het geen gesag nie. Ook nie die ouderlinge nie. Ook nie die diakens nie. Net Jesus Christus het gesag in die kerk.

Die predikant, ouderling en diaken moet net doen wat Christus aan hulle opdra. Hulle kan nooit hulle eie wil of persoon op die voorgrond stoot nie! Gebruik hulle!

Die Here Jesus gebruik egter die ouderlinge en die predikante en die diakens om sy wil in die kerk uit te voer. So dra Hy aan die ouderlinge die tug op. Hulle moet die kerk regeer. Dit beteken dat hulle biddend en volgens die Bybel alles moet doen tot eer van God en tot die vooruitgang en goeie orde van die gemeente waar hulle is.

Hulle doen huisbesoek, maak vrede, en hou toesig dat die lidmate onder hulle sorg behoorlik voor God lewe in elke opsig. En as hulle nou iemand raakloop in die kerk wat hom nie gedra teenoor die Here nie, en hy wil na baie bearbeiding deur die kerkraad hom nie bekeer nie, dan moet hulle hom van Christus se sakramente af weghou. As hy aanhou met sy sondes, word hy uiteindelik in die Naam van Jesus Christus uit die kerk geban.

## 4. KAN EK LEWE SONDER OM MY BY DIE WARE KERK TE VOEG?

Daar staan in **1 Petrus 2 : 9** geskryf dat ons ‘n uitverkore geslag is; ‘n koninklike priesterdom; ‘n heilige volk.

Dit is almal mense hierdie wat in gewone groepe saamgebind is. Mense van een volk bly nie ‘n paar in al die lande van die wêreld nie. Hulle word saamgebind deur die grense van hulle land, hulle taal en die feit dat hulle saam is. Net so is dit met die kerk.

Jy kan nie een van God se kinders wees wat eers eendag in die hemel met jou familie gaan saam wees nie. Jy kan jou nie nou losmaak van jou broeders en susters in Christus, maar in die hemel saam met hulle wil wees nie. Daarom moet jy jou by hulle voeg.

Ons bely hierdie saak in die **N.G.B., artikel 28**. Elke mens het die verantwoordelikheid om hom by die kerk te voeg. Ons moet dan verder die eenheid van die kerk bewaar, en ons ook aan die tug van die Here in sy kerk onderwerp.

Verder moet ons diensbaar wees aan mekaar! En ons moet ons afskei van die mense wat nie tot die kerk behoort nie, en hulle ook nie daarby wil voeg nie!

# HOOFSTUK 15

Die nuwe lewe en die nuwe gehoorsaamheid plaas ons ook in nuwe verhoudings tot ons medemense. Dit is nou die verhouding waarin jy te staan kom teenoor jou naaste. Jou naaste is ALLE mense. Ook diè vir wie jy nie lief is nie, en wat jy liewer dood as lewendig sou wou sien! Jou naaste sluit jou vriendekring in, maar ook jou vyande, en ook nog die mense aan wie jy jou normaalweg nie steur nie.

## 1. SIEN JOU NAASTE VOOR DIE HERE

Die eerste saak van belang is dat jy die wil van die Drie-Enige God teenoor hom moet uitleef. Met ander woorde, jy moet dat die liefde van Christus en die stem van die Heilige Gees en die wil van die Vader jou optrede teenoor al hierdie mense bepaal!

As jy dit doen, dan moet jy:

- Optree met liefde en in liefde.
- Optree met begrip. Dit beteken optree met onderskeiding.
- Optree op so ‘n wyse dat jy sy geloof versterk as hy ‘n Christen is, en as hy nie een is nie, sodat jy Christus aan hom kan leer. Dink hier aan Jesus se woorde vir Petrus dat hy sy broeders moet versterk as hy eendag bekeer is.
- Optree met alle eerlikheid.
- Jou naaste vertrou! God sal dit self aan jou openbaar as jy jou naaste nie moet vertrou nie.
- Bid vir jou naaste!
- Doen aan jou naaste soos jy aan jouself gedoen wil hê!

## 2. WAT LEER DIE BYBEL?

Jy mag jou naaste nie slaan of doodmaak nie! **Exodus 2 : 13; 3 : 27; Deuteronomium 4 : 42; Spreuke 3 : 29**. Die laaste ses gebooie! Jy mag geen kwaad aan hom doen nie. Jy mag nie van hom loop en lieg nie, en ook nie met sy eiendom peuter nie, en jy moet sy vrou/man uitlos.

## 3. TEENOORGESTELDE GESLAG

Ons onderskei twee soorte verhoudinge. Die eerste is die huweliksverhouding, en die tweede is die buitehuwelikse verhouding. Kom ons kyk eers na die verhouding tussen ‘n man en vrou wat met mekaar getroud is, en dan in die volgende hoofstuk na die verhouding van enige man en enige vrou teenoor mekaar. Dit is nou mans en vrouens wat nie met mekaar getroud is nie.

### 3.1 Man-vrou binne die huwelik

Waarom moet ons trou? Ons lees in **Genesis 2 : 22 – 25** dat God die huwelik instel, en Adam en Eva in die eg verbind. God het kuisheid lief. Daarom moet alle vorme van onreinheid vermy word.

Dit het tot gevolg dat ons later die sewende gebod ontvang: jy mag nie egbreek nie! Die hoofbedoeling is hier dat ons onsself nie met die vuilheid van verkeerde gedagtes mag besoedel nie! Ons mag ook geen vleeslike onmagtigheid beoefen nie!

### 3.2 Vir God belangrik!

Die verhouding tussen getroudes is by God van baie groot belang. Hy verwag van mense in hierdie staat dat hulle heiligheid daarin bestaan dat hulle hierdie instelling van Hom nie sal besmet nie, en mekaar ook nie sal besmet nie.

Kyk vir hierdie saak na al die baie skrifgedeeltes wat handel oor hoerery en egbreuk. Egbreuk is wanneer een huweliksgenoot die ander verlaat vir ‘n derde persoon. Of wanneer een in die geheim met ‘n ander huweliksvoorregte geniet. Die heel ergste is natuurlik wanneer iemand hom in die openbaar daarvoor uitgee dat hy op hierdie wyse met die teenoorgestelde geslag omgaan. Dan is dit hoerery! Dit is maar net ‘n praktiese aantoning van sekere huweliksoortredings.

Wat is die beginsel? Wat is die huwelik hier? Die huwelik is in die eerste plek ‘n preek. Dit preek van die verhouding tussen God en die uitverkorenes. Die Here sorg vir al sy uitverkorenes met die teerste liefde, soos wat ‘n man vir sy vrou sorg. Die vrou se onderdanigheid en liefde preek weer van die uitverkorenes se tere verhouding tot God! Daarom is die liefdesgemeenskap tussen man en vrou die simbool van die liefdes-gemeenskap tussen God en ons.

### 3.3 Christus se bruilof

In die Nuwe Testament word hierdie beelde baie skerper gestel. Jesus Christus word reguit die Bruidegom genoem en die kerk die Bruid. Met die wederkoms vind die huwelik plaas!

Die uitverkorenes is niemand anders nie as die kerk, en daarom verander die beeld in die Nuwe Testament niks van die een in die Ou Testament nie.

So kwalifiseer die Bybel die huwelik: dit is ‘n gemeenskapsverhouding tussen God en sy uitverkorenes wat uitgebeeld word in die verhouding tussen een man en een vrou wat lewenslank aan mekaar verbind is. Hierdie simbole in die huwelik moet regdeur duidelik uitgeleef word, en sigbaar wees vir almal. Hulle is onbesprokenheid en liefde.

Die Here praat baie duidelik van hierdie dinge; elke keer as die volk Israel (Ou Testament) of die kerk (Nuwe Testament) God verlaat, noem die Bybel dit weg hoereer van God af! Dit is dus ‘n baie sterk saak vir God. Om jou huweliksmaat met hierdie daad te skend (openlik of in die geheim), is basies om God te verlaat!

Nou wat dan? Maklik. Die man en die vrou moet so lief vir mekaar wees en bly, dat daar nie so ‘n daad sal plaasvind nie. Alle optrede wat tot so ‘n daad aanleiding kan gee, moet doodeenvoudig vermy word.

Optrede teenoor die teenoorgestelde geslag moet deurentyd so wees dat almal duidelik begryp dat daar sterk gereserveer word op die gebied van die liggaamlike. Dit geld sekerlik ook op die geestelike gebied, want hierdie daad is fisies, maar het duidelik ‘n geestelike inslag.

### 3.4 Hoe ‘n man teenoor sy vrou optree

Die beginsel is dat alle optrede deur liefde beheers word. Daarom vermaan die brief aan die Efesiërs die manne om hulle vroue lief te hê. N.B. – hulle EIE vroue!

Hulle mag nie teen hulle verbitterd word nie. Dis nogal ‘n kwaal by baie mans. **Efesiërs 5 : 28; Kolossense 3 : 19; 1 Petrus 3 : 7**. Lees gerus ook hierby: **Efesiërs 5 : 2; Kolossense 1 : 22; Hooglied 4 : 7; Genesis 2 : 11; Efesiërs 5 : 11**.

Prakties werk dit dan so:

- ‘n Man wat sy vrou liefhet, sal haar nie slaan nie.
- Hy sal haar eer beskerm.
- Hy sal trots wees op haar.
- Hy sal haar self beskerm en troetel as die mooiste gawe wat hy van God ontvang het.
- Maar hy sal haar ook op die regte pad hou.
- Hulle sal saam bid, en biddend die wil van God uitvoer in hulle huwelikslewe.

### 3.5 Hoe ‘n vrou teenoor haar man optree

Van die vrou se kant af lyk die saak so: sy verteenwoordig die kerk, en die kerk kan hom nooit bo God verhef nie! Daarom **Kolossense 3 : 18 – 4 : 1** en **Efesiërs 6 : 22**: “ Vroue, wees dan aan julle EIE mans onderdanig!”. Sy sal haar nie aan ander mans se invloede steur nie. Wees gehoorsaam soos aan die Here! Dis hoe dit in die Bybel geskryf staan. Dit beklemtoon weer die roeping en wese van die vrou. Haar man moet wees soos God, en God sal nie van sy kerk vra om te dwaal, of om op die verkeerde pad te gaan nie. En in alles wat reg en billik is, moet die vrou haar man gehoorsaam.

Die woord " soos aan die Here" sien op die opdrag wat die vrou ontvang by die skepping. Sy moet vir haar man 'n hulp wees. Nie in die eerste plek om fisiese werk te doen nie. In die eerste plek moet sy hom in die geloofslewe onderskraag.

Prakties:

- dra jou man in sy geloofslewe.
- Dra jou verantwoordelikhede ten opsigte van die geloofsake van jou kinders – voed hulle op in die Naam van die Here.
- Leef saam met jou man met raad. Beïnvloed hom om in alles te leef en te besluit tot eer van die Here.

Belangrik:

** Leef altyd so dat jou man op jou trots kan wees. Lees net Hooglied en kyk hoeveel beteken 'n man se vrou se skoonheid vir hom, want dit is presies wat die skoonheid van die kerk vir God beteken.

** Leef in jou huwelik soos die vrou wat haar gereedmaak om tot in ewigheid by God te bly. Dit is mos wat God van jou vra: om die verhouding tussen God en sy kerk in julle huwelik te weerspieël.

# HOOFSTUK 16

## 1. DIE VERHOUDING MAN-VROU BUITE DIE HUWELIK

Hier gaan dit hoofsaaklik oor die verbod op egbreek. Dit is waar daar inbreuk gemaak word deur ‘n derde party op die huweliksverhouding tussen man en vrou.

Hierdie verhoudings kan geweldige sondige afmetings aanneem, soos die uitruilery van paartjies, ensovoorts. Dan is dit nie meer net ‘n geval van egbreuk nie, dan beskou God dit as openlike hoerery. Dit is ‘n geweldige ernstige sonde.

Op presies dieselfde vlak moet ongetroudes ook waak in hulle omgang met mekaar. Dieselfde beginsels geld vir ‘n getroude party teenoor ‘n ongetroude.

Die beginsel is: die handhawing van God se heiligheid! Die optrede van die teenoorgestelde geslagte teenoor mekaar moet:

- so wees dat God geëer, geprys en geheilig word;
- dat jou naaste gedien en gerespekteer word;
- dat die gemeenskap met die heiliges tot uiting kom, maar dan juis so dat die goddelike karakter daarvan beskerm en gehandhaaf word.

Een voedingsbodem vir sondes op die terrein van die sewende gebod, is plekke soos danspartye en disko’s. Die volgende dinge moet alles in gedagte gehou word:

- God verbied in die sewende gebod “ alle onkuise dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat ‘n mens daartoe kan verlei”. Al hierdie dinge kom in meerdere en mindere mate voor by danspartytjies. ‘n Mens mag nooit kyk hoe ver jy God se grense vir genade kan rek voordat jy sy toorn verwek nie. ‘n Ware gelowige kyk liewer hoe eng en waardig hy kan leef (**Kategismus, antwoord 109**).
- Matteus 7 : 17: “ ‘n Slegte boom dra slegte vrugte”! Bly weg van dinge wat jou vrugte gaan bederf.
- Matteus 5 : 28: “ Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na ‘n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het”. Die ondervinding leer dat die dansbaan die grootste oorsaak is van hierdie sonde. Onthou dat jy dalk die een is wat deur ‘n ander persoon begeer word!
- Partytjies en dansgeleenthede bied ook geleentheid om klere aan te trek wat nie by ‘n Christen pas nie. Vir God kan jy nie lieg oor iets wat jy verkeerd gedoen het nie! Waar gaan jy heen as jy gaan dans? Die Here wil dit van jou weet!
- Iemand wat op die dansbaan boer, het geen reg om die sakrament van die Heilige Nagamaal te gebruik nie. As ampsdraers hulle aan hierdie sonde skuldig maak, moet hulle dadelik voorlopig uit hulle amp geskors word. Sodra hulle hulle bekeer, en verbetering in hulle lewe bewys, word hulle weer in hulle amp herstel.

## 2. DIE OPDRAG VAN DIE HERE

Die opdrag van God is soos volg:

In jou optrede met die ander geslag: moenie begeer nie! Moet ook nie iemand se liggaam aanraak met die doel tot oortreding nie. N.B.: **Genesis 20 : 6**.

Owerspel is so erg dat die Here in die Ou Testament die doodstraf daarvoor bepaal het! **Levitikus 20 : 10**. **Levitikus 20** het ‘n hele reeks voorskrifte van verbode grade ten opsigte van hierdie oortreding. Lees dit gerus!

Daar is ‘n verpligting teenoor mekaar. Die samesyn van die gelowiges moet daar wees. Die gemeenskap van die heiliges raak ook die mense van die teenoorgestelde geslag buite jou huwelik.

Terselfdertyd is daar beperkinge. Sekere terreine van jou naaste se liggaam is deur God vir jou afgegrens. Jy mag nie daar oortree nie. Nie eers met jou gedagtes nie!

# HOOFSTUK 17

## 1. OUER-KIND VERHOUDING

Ons Vader is die Here. Soos wat ons van Hom afhanklik is, is ons kinders van ons afhanklik. Soos wat Hy vir ons sorg, moet ons ook vir ons kinders sorg! Dit gaan dus oor liefde en respek! Daarom: eer jou vader en jou moeder.

Ons kinders moet dus aan ons die eer en respek gee wat ons aan God gee. **Efesiërs 6 : 1**: "Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg". (" Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis").

Maar dan moet ons kinders by ons lewensvoorbeeld kry om te kan doen wat hulle moet doen. Ons lewensvoorbeeld, en nie net ons woorde nie, moet hulle leer en lei. **Matteus 7 : 11**: " As julle wat sleg is dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, …".

My kind kan net vrees vir die Here hê as hy weet wat vrees is. Net so kan hy ook net eerbied en respek betoon as hy weet wat dit is, en hoe dit gedoen word.

Tekste oor gehoorsaamheid: **Filippense 2 : 22**; **1 Timoteus 3 : 4**; **1 Petrus 1 : 4**.

Iemand wat 'n diaken is, moet byvoorbeeld uitblink in die opvoeding van sy kinders. **1 Timoteus 3 : 12**.

Die Here vertrou nie sy kinders aan ons sorg as ampsdraers toe, as ons nie eers ons eie kinders kan opvoed nie.

By opvoeding word nie net verstaan goeie maniere en netjiese gedrag nie. Opvoeding is ook kennis van God, volharding in die geloof en in die lydsaamheid van Jesus Christus. Lees ook: **Spreuke 17 : 6**; **Deuteronomium 6 : 2**; **Exodus 12 : 24**; **20 : 5**.

## 2. GELOOFSOPVOEDING: SKADE BY GEBREK DAARAAN

Ouers moet hulle kinders die ware vrees vir die Here leer. Dit is noodsaaklik. Die Bybel waarsku baie skerp teen wanverhoudinge tussen ouers en kinders. By implikasie leer die Bybel dat hierdie wanverhoudinge sal voorkom in gesinne waar daar nie geloofs-opvoeding deur die ouers was nie. Later ontstaan geloofsverdeeldheid wat tot ernstige skade lei.

**Matteus 10 : 21** en **Markus 13 : 12**: " Maar die een broer sal die ander tot die dood oorlewer en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak". (* "Die een broer sal die ander uitlewer om doodgemaak te word, en selfs 'n pa sy kind; kinders sal teen hulle ouers in opstand kom en hulle doodmaak").

## 3. OUERS SE OPVOEDING MOET GELOOFSGETROU WEES

Jesus se ouers het met Hom die " gewone" geloofsdinge gedoen. Hulle opvoeding was dus getrou en gelowig. Toe Jesus nog klein was, is die verwagte offer vir Hom in die tempel gebring.

**Lukas 2 : 27**: " En hy het deur die Gees in die tempel gekom; en toe die ouers die Kindjie Jesus inbring om met Hom te handel volgens die gebruik van die wet, …"
(* " Deur die Gees gelei, het opgegaan na die tempel toe. Toe die ouers die Kindjie Jesus bring om vir Hom die gebruiklike bepaling van die wet na te kom, …").

**Lukas 2 : 41**: " en sy ouers was gewoond om elke jaar met die paasfees na Jerusalem te gaan". (* " Jesus se ouers het elke jaar vir die paasfees Jerusalem toe gegaan").

**Lukas 2 : 43**: " En nadat die feesdae vir hulle verby was, en terwyl hulle teruggaan, het die Kind Jesus in Jerusalem agtergebly; en Josef en sy moeder het dit nie geweet nie".
(* " En toe die feesdae verby was, het sy ouers die terugreis begin, maar die Kind Jesus het in Jerusalem gebly sonder dat hulle dit geweet het").

## 4. OUERS MOET FINANSIEËL VIR HULLE KINDERS SORG

Ouers het ook 'n plig om finansieël vir hulle kinders te sorg. Lees maar wat die Here vir die nuwe Christene in Korinte skryf.

**2 Korintiërs 12 : 14**: " Kyk, vir die derde keer is ek gereed om na julle te kom; en ek sal julle nie lastig val nie, want ek soek nie julle goed nie, maar julle self; want dit is nie die kinders wat vir die ouers moet opgaar nie, maar die ouers vir die kinders". (* " Dit is nou die derde keer dat ek gereed is om na julle toe te kom, en ek sal nie vir julle 'n las wees nie: ek soek nie julle geld nie, maar vir julle. Dit is immers nie die kinders wat vir die ouers sorg nie, maar die ouers vir die kinders").

## 5. OUERS MOET HULLE KINDERS BESKERM

Ouers moet hulle kinders fisies beskerm as daar gevaar is. Gelowiges het dit van die vroegste tye af gedoen. Dink maar as 'n voorbeeld aan Amram en Jogebed.

**Hebreërs 11 : 23**: " Deur die geloof is Moses nà sy geboorte deur sy ouers drie maande lank weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en hulle het nie die gebod van die koning gevrees nie. (* " Omdat die ouers van Moses geglo het, het hulle hom na sy geboorte drie maande lank weggesteek toe hulle sien dat hy 'n mooi kindjie is. Hulle was nie bang vir die bevel van die koning nie").

## 6. KINDERS WORD VERPLIG OM GEHOORSAAM TE WEES

Dit is nie so dat gelowige kinders vrye teuels het om te doen wat hulle wil nie. Die liefde van die Here moet nooit skeefgetrek word asof net die ouers verpligtinge het nie. Die Here impliseer dat ‘n kind selfs lyfstraf kan kry as hy nie hoor nie. In die Ou Testament was dit so streng dat ‘n ongehoorsame seun selfs doodgemaak kon word. In die Nuwe Testament word die kinders steeds gebied om aan hulle ouers gehoorsaam te wees.

**Kolossense 3 : 20**: “ Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik”. (* ” Kinders, wees in alles aan julle ouers gehoorsaam, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo”).

Die Here het kinders wat in hulle eie huishouding gehoorsaam is, lief. Timoteus het baie nuwe bekeerdes in sy gemeente gehad wat moes aanpas by ‘n christelike opvoeding. Daarom het die Here reëls daarvoor gegee. Luister na wat Paulus vir Timoteus geskryf het:

**1 Timoteus 5 : 4**: “ Maar as ‘n weduwee kinders of kleinkinders het, laat hulle eers leer om teenoor hulle eie huis eerbied te betoon env ergelding te doen aan hulle ouers; want dit is goed en aangenaam voor God”. (* ” Maar as ‘n weduwee kinders of kleinkinders het, moet die kinders leer om as gelowiges allereers hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom en so hulle ouers en grootouers iets te vergoed. Dit is volgens die wil van God”).

# HOOFSTUK 18

## 1. ONDERDAAN / OWERHEID

Die owerheid dra die swaard (Heidelbergse Kategismus). Die regering spreek dus in die Naam van die Here reg oor ons, en regeer ons ook in die Naam vandie Here (altans, dis wat ‘n Christelike regering behoort te doen!). Maar van ons kant af moet ons aan die owerheid onderdanig wees. Ons moet ook voortdurend vir hulle bid.

Die owerheid se vermoëns is maar beperk, want hulle is mense, daarom moet ons vir hulle bid.

Die saak word effens moeilik as ons dink aan die geval waar jy onder ‘n heidense regering te staan kan kom. Maar ons lees nêrens dat die Here ons opdra om so ‘n regering met fisiese geweld omver te werp nie. Maar ons kan wel bid vir hulle bekering, en dat hulle in hulle ongeloof tot reg mag besluit.

## 2. DIE OWERHEID HET WETLIKE BESLISSINGSREG OOR ONS

Die owerheid beslis oor mense wat mekaar verontreg. Mense kan mekaar dagvaar waar die een die ander verontreg, en dan moet die owerheid die saak gelykstel. Die owerheid het die mag om mense selfs met militêre geweld in hegtenis te neem. Kyk na die beginsels wat in die onderstaande stukkies as “ normaal” genoem word. Die feit dat die Here Hom nie daarteen uitspreek nie, bewys dat die Here daarmee tevrede is dat dit die orde is waarvolgens opgetree word.

**Romeine 13 : 3, 4**: “ Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof vanhom ontvang; want hy is ‘n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is ‘n dienaar van God, ‘n wreker om die een wat kwaad doen, te straf. (* “ ‘n Mens hoef nie vir die owerhede bang te wees as jy goed doen nie, maar wel as jy kwaad doen. Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen dan wat goed is, en die owerheid sal jou prys, want die owerheid is ‘n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy kwaad doen, het jy rede om bang te wees, want die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie. Hy is immers ook hierin die dienaar van God dat hy die kwaaddoener moet straf”).

**1 Samuel 2 : 25**: “ As mens teen mens sondig, dan beslis die owerheid oor hom, maar as ‘n mens teen die HERE sondig, wie sal dan vir hom as skeidsregter optree? Maar hulle het nie na hul vader geluister nie, want die HERE wou hulle ombring. (* “Wanneer een mens teen ‘n ander mens verkeerd optree, sal dier egters die saak uitmaak, maar as ‘n mens teen die Here sondig, wie sal dan die saak uitmaak? Hulle het egter nie na hulle pa se vermaning geluister nie, want die Here het besluit om hulle dood te maak”).

**Jesaja 60 : 17**: " Vir koper bring Ek goud en vir yster bring Ek silwer, en vir hout koper en vir klippe yster; en Ek sal Vrede as jou owerheid aanstel en Geregtigheid as jou bestuurders". (* "Ek gee vir jou goud in die plek van brons, silwer in die plek van yster, brons in die plek van hout, yster in die plek van klip. Ek laat vrede oor jou regeer, Ek laat geregtigheid jou bestuur").

**Lukas 12 : 58**: " Want terwyl jy met jou teëstander na die owerheid gaan, doen moeite op die pad om van hom los te kom; sodat hy jou nie miskien voor die regter sleep en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en die geregsdienaar jou in die gevangenis werp nie." (* "Terwyl jy saam met jou teenstander oppad is hof toe, moetjy moeite doen om die saak met hom te skik, sodat hy jou nie voor die regter sleep en die regter jou aan die polisie oorgee en die polisie jou in die tronk sit nie").

**Lukas 20 : 20**: " En hulle het Hom in die oog gehou en spioene gestuur wat geveins het dat hulle regverdig was, sodat hulle Hom op 'n woord kon betrap, om Hom oor te lewer aan die owerheid en aan die gesag van die goewerneur". (* " Hulle het hulle kans afgewag. Toe stuur hulle geheime agente wat hulle as opreg voorgedoen het, om Jesus op een of ander uitspraak te probeer vastrek sodat hulle hom aan die owerheidsgesag van die goewerneur kon uitlewer").

**Handelinge 16 : 19**: " En toe haar eienaars sien dat die hoop van hulle wins weg was, het hulle Paulus en Silas gegryp en hulle na die mark voor die owerheid gesleep".
(* " Toe haar eienaars sien dat sy nie meer geld vir hulle kan inbring nie, het hulle vir Paulus en Silas gegryp en hulle na die owerheid toe op die stadsplein gesleep").

**Titus 3 : 1**: " Herinner hulle daaraan om onderdanig te wees aan owerhede en magte, om gehoorsaam te wees, bereid tot elke goeie werk; …" (* " Herinner die mense nadruklik daaraan dat hulle hulle aan owerheid en gesag moet onderwerp, daaraan gehoorsaam moet wees en bereid moet wees om alles te doen wat goed is").

**1 Petrus 2 : 13**: " Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here – of dit die koning is as opperheer, .." (* "Omdat die Here dit wil, moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as hoogste gesag is …").

## 3. DIE HERE JESUS IS DIE HOOGSTE OWERHEID

**Kolossense 2 : 10**: " … en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; .." (* " … en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag"). Vergelyk **Efesiërs 1 : 21**.